Die Derde Seël

Goeienaand, vriende. Laat ons nou net 'n oomblik staan vir gebed. Ons buig ons hoofde.

2 Ons Hemelse Vader, soos ons daardie—daardie pragtige lied hoor, dink ons—dink ons, Here, aan . . . dat U naby is. En ons bid dat U ons vanaand sal ontvang, Here, as U kinders, al ons sondes en oortredinge sal vergewe, en ons van U seëninge sal gee, omdat ons behoeftige mense is.

3 En in hierdie groot uur waarin ons nou lewe, en ons sien, jaarliks, word dit donkerder en donkerder, vir die wêreld. En die Koms van die Here word helderder en helderder, soos Hy Homself openbaar in die . . . in Sy Woord en in Sy manifestasie. Ons het weer vanaand gekom, Here, om te probeer, met hierdie byeenkoms, en tot U te bid, Here, om vir ons hierdie Derde Seël van hierdie Boek oop te maak, dat dit aan ons bekend kan wees, dat ons kan weet wat om te doen en hoe om te lewe, en hoe om beter Christene te wees.

4 Ek bid, God, dat U elke nie-Christen hierbinne vanaand, hulle behoefte aan U sal laat besef. Skenk dit. En ek—ek bid, Hemelse Vader, dat elke wedergebore Christen sal besef dat hy nader moet lewe as wat hy in die verlede het, sodat ons almal in daardie eenheid van Christelike liefde en geloof mag wees.

5 Gee dat elke siek persoon in ons midde vanaand genees mag word, Here. Hulle besef hulle behoefte aan U. En ek bid, Vader, dat U alles sal seën wat gedoen of gesê word, tot U eer en heerlikheid, in Jesus' Naam vra ons dit. Amen.

6 Wel, weer, vanaand, het ons weer saam vergader vir hierdie, die—die Woensdagaand van die week. En ons vertrou op die Here, vanaand, vir 'n—'n groot uitstorting van Sy seëninge op Sy Woord. En vandag het ek studeer, soos gewoonlik, en probeer dink aan die dinge wat toepasliker sou wees om te sê, en die ding, hoe om dit te sê, en dan op die Here te vertrou om vir my die interpretasie en betekenisse van—van hierdie Woord te gee wat geskryf is. En ek is dankbaar teenoor Hom vir wat Hy gedurende die week vir ons gedoen het, dat ons . . . van die oopmaak van hierdie Seëls.

7 En, ek, miskien sal dit 'n goeie ding wees as Sondagoggend, by . . . Julle weet, baiekeer . . . Ons bedoel nie om misverstaan te word nie, maar, julle weet, jy . . . Dit raak so. En so, miskien, Sondagoggend, as almal wat 'n vraag daaroor het in hulle gemoed, dit sou uitskryf en dit hier op die lessenaar gee, Saterdagaand, en sodat ek kan sien wat dit is. En dan probeer ek om dit Sondagoggend vir julle te antwoord, as die Here wil. Ek dink dit sal beter wees as dit wat ons beplan het, want soms word

dit misverstaan, julle weet. En so sal ek op dié manier kry . . . Dit sou beter wees as ek—as ek dit sou regstel, julle weet. Dit sou wees net wat dit moet wees. Want, somtyds, nou . . .

8 Iemand het vandag gebel en gesê, dat—dat, het gebel en wou weet of dit waar is, dat: "Wanneer die—die Wegraping plaasvind, sal daar net een in Jeffersonville, en een in New York wees, en die res van hulle oorsee." So, sien, dit net misverstaan. Dan het iemand gesê, dat: "Saterdagaand, as die Here vir ons die laaste Seël gee, dan sal Jesus Sondagoggend hier wees." Sien? So dis 'n—dis 'n . . . Julle sien, jy—jy maak nie . . . Dit, dis nie so nie. En jy maak nie . . . Dit is nie.

9 Ons weet nie. As enigiemand vir jou sê hulle weet wanneer Hy kom, weet jy hulle is verkeerd, om mee te begin, want niemand weet dit nie. Maar ons wil lewe, vandag, asof dit sommer nou is.

10 Ek gaan julle vir 'n oomblik soort van omdraai, so wees gereed. Ek—ek glo Jesus sal kom binne, minder as, drie minute van nou af, van Sy tyd. Weet julle hoe lank sal dit wees? Omtrent vyf-en-dertig jaar. Sien, duisend jaar is net een dag, by Hom, julle sien.

11 So as jy die apostel destyds hoor sê: "Die tyd is op hande," hier: "die tyd is op hande." Die apostel het dit in Openbaring gesê. Weet julle hoe lank gelede was dit? Dit was nie . . . Dit was net gister, vir God, nog nie eens twee dae nie.

12 En, sien, as dit drie minute, minder as drie minute, voor Sy Koms is, sien, sou dit om en by dertig jaar wees, vir ons, of so-iets. En kyk hoe, wat drie minute vir Hom sou wees: Hy staan alreeds op, om te kom. So ons, jy . . . partykeer as jy hier lees, praat Hy in terme van die Woord, sien, nie in ons terme nie.

13 En dan as ek geweet het Hy kom môre-aand, môre-aand, sou ek môre studeer en Hom vra om vir my die Boodskap vir die Vierde Seël te gee. En ek sou hierheen kom en Dit preek, ongeag. Sien? Ek—ek wil elke dag doen presies wat ek besig sou wees om te doen as Hy kom. En ek ken geen ander beter plek om aangetref te word as op my pos nie, sien, op my pos. So ons gaan net aan tot Hy kom.

14 Soms as ons net lees, en, nou, wees baie versigtig. En as julle lees, kry die bande, luister baie mooi na hulle. Want, jy sal dit op die band kry, want hulle het daardie bande teruggespeel, en hulle is regtig goed en duidelik. So, jy sal dit daar duideliker kry.

15 Nou, almal verlief op Christus, hoop ek, vanaand, en almal het Hom lief.

16 Ek sal julle sê wat, soms, wat die mense verwar, dat iemand wat inkom en nie die eerste deel van die diens gehad het nie, julle sien. Dan kom hulle in en hulle hoor jou terugverwys, iets, weer aanraak, en dan vat hulle dit, wat gesê is, en hulle het nie die

eerste deel gekry nie. Dan maak dit hulle heeltemal deurmekaar, julle sien, dan. En hulle dink wel dat iets anders gesê is, maar Dit—maar Dit is nie.

17 So as jy 'n vraag het wat jy nie verstaan nie, skryf dit net op 'n stukkie papier. Gee dit in, enige tyd tussen nou en Saterdagaand. En ek sal probeer, Sondagoggend, om . . . As dit 'n bietjie onduidelik is, sê jy: "Wel, ek wonder net wat *dit* hier beteken het. Ek het dit nie begryp nie." Julle weet wat ek bedoel. Dan sal ek dit vir julle probeer beantwoord, Sondagoggend, as die Here wil.

18 Nou, vanaand gaan ons weer uit hierdie geseënde ou Woord lees, in die 6de hoofstuk. En ons begin vanaand met die Derde Seël. En dit is die 5de vers, die 5de en 6de vers.

19 En môre-aand sluit ons die vier ruiters af; die wit perd, en die vuurrooi perd, swart perd, en vaal perd.

20 En ek wil dit sê. Dat, elke keer, selfs tot vanoggend, omtrent . . . O, ek staan baie, baie vroeg op en gaan bid voor dinge begin roer, en bly net biddend dwarsdeur die dag. Maar, vanoggend, vroeg, het die Heilige Gees gekom na waar ek was. En net so duidelik soos enigiets, het ek—ek nou hierdie ander Seël sien oopgaan, net presies. Nou—nou—nou, Hy hoor my, weet ek. En ek is baie dankbaar.

21 Nou, julle sal net onthou dat daar iets aan die gebeur is. Dit, ek—ek hoop julle let dit op, sien, daar . . . dat daar iets aan die gebeur is. Ek wil net eenkeer hierdie kerk toets, en sien of hulle werklik iets kan optel voor dit werklik plaasgevind het. Nou onthou, onthou wat ek vir julle gesê het. En, nou, help die Here ons.

22 Nou in die 5de vers.

> *En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom . . . kyk. En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.*
>
> *En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor* sê, *'n Rantsoen koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning;* maar *moenie die olie en . . . wyn beskadig nie.*

23 Nou laat ons net 'n bietjie agtergrond hiervoor gee, en oor die Seëls wat ons reeds afgehandel het. Want, net soos met die kerkeeue, wel, probeer ons 'n agtergrond gee, om dit soort van te laat oorvleuel, sodat julle kan . . . Dis hoe die eeue werklik in die Skrif is, een oorvleuel met die ander, net soos dié. Soos om 'n leer te klim, en trappe te klim, liewer; een loop af na die volgende, en loop so terug, soos jy met 'n trappie opgaan.

24 En nou, hierdie Seëls, die . . . Dis 'n—die Boek van Verlossing, wat verseël is. Verstaan almal dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

En hierdie Boek is verseël met Sewe Seëls. Dit is 'n sewe-verseëlde Boek. Sien?

25 En nou onthou, soos ons dit vir julle uitgebeeld het, en dit uit Jeremía en alles gehaal het. Nou, hulle, toe hulle het... Hulle het *so* geskryf, op 'n stuk ge—geskrif, of 'n papier, liewer; of, nie papier nie, maar dit was 'n vel. [Broer Branham illustreer die oprol en verseël van 'n boekrol, deur velle papier te gebruik—Red.] En hulle het dit *so* opgerol. Nou dit...En dan is die einde daarvan *so* gelos; dit dui aan wat daar is. Dan neem die volgende een dieselfde soort van 'n posisie in, rol op dieselfde manier op, rol *so*. En dan, aan die einde hier, word dit *so* afgeskeur, en gelos vir 'n ander een.

26 Wel, dit was die sewe-verseëlde Boek. Nou ons het nooit *sulke* Boeke gehad, tot onlangs nie. Die Boeke van die outyd was boekrolle. Hulle was opgerol. En dan as hulle die onderwerp of enigiets wou hê...Soos as—as die Bybel opgerol is, en jy wil die Boek van Jésaja lees; sou jy afdrol hier tot by Jésaja, Dit dan *só* afrol, en Dit lees. En dit is 'n sewe-verseëlde Boek van Verlossing.

27 En nou vind ons dat die Lam uitkom, die Boek neem uit die hand van Hom wat op die Troon gesit het, en die Seëls breek, en—en los...en Dit losmaak, die Seëls losmaak vir die mense.

28 En die vier Lewende Wesens sit daar, wat ons in die kerkeeue behandel het, dieselfde vier Lewende Wesens, jy sien hulle al die pad deur die Skrif, en hulle is die Een Wat die aankondiging doen van hierdie Seëls wat gebreek is. Nou, en ons sien dit is 'n—'n Boek van Verlossing.

29 Toe het ons teruggegaan en die—die Bloedverwante Losser gekry, en Hom behandel, om te sien wat Sy werk was. En nou, vir al hierdie jare, het Christus die werk van 'n Bloedverwante Losser gedoen. Nou, almal wat dit verstaan, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy het die werk van die Bloedverwante Losser gedoen.

30 Maar daar sal 'n tyd kom dat die verlossingswerk sal klaar wees. En wanneer die verlossingswerk oor is, dan verlaat Hy die Troon van God, waar Hy nou sit. Maar dis nie Sy Troon nie. "Hy wat oorwin sal saam met My in My Troon sit, soos Ek oorwin het en op My Vader se Troon sit." Dis nie Sy Troon nie. Dit behoort aan Gees, God. Christus, die Lam, dit behoort nie aan Hom nie. Hy is die beliggaamde God, sien; wat dieselfde God is, beliggaam. Nou, Hy staan op van die sitplek af...

31 Eers het die aankondiging uitgegaan, vir: "Wie is in staat om te kom en her-...en hierdie Boek van Verlossing te neem?" Sien, vir die hele plan van verlossing, vanaf Adam, alles wat Adam verloor het.

32 Daar het niks verlore gegaan tot met Adam nie. En na Adam, was alles verlore, op die aarde. En alles in die skepping van die

aarde was verlore. En alles het saam met Adam geval, die kloof oorgesteek, sodat niemand, op enige manier hoegenaamd, kon terugkom nie. Die mens het, toe hy gesondig het, sy weg verlaat, hy het geen pad terug gelaat vir homself nie. En toe daar . . .

33 Toe hierdie vraag gevra is; was Johannes die openbaarder, wat . . . die profeet Johannes, in die visioen en het dit gesien. En daar was niemand in die Hemel, niemand op aarde, niemand onder die aarde, of niemand, wat selfs waardig was om na die Boek te kyk nie. Sien? Nou dink net daaraan! Dan kom die Lam na vore en Hy neem die Boek. Nou Johannes is gevra om nie meer te ween nie. Hy het gesê: "Kyk, die Leeu van Juda het oorwin, en—en Hy kan die Boek neem en Dit oopmaak." So, hy het omgedraai om te soek na 'n Leeu, en hy het 'n Lam gesien. Die ouderling het geroep, gesê: "'n Leeu het oorwin." Maar toe hy kom kyk het, was dit 'n Lam wat van die Troon af uitgekom het.

34 Nou, hy het Dit nooit tevore opgelet nie. Hoekom? Hy was daaragter, met Sy doen van Sy middelaarswerk; want Hy het vir die mense gebloei, ingetree vir die mense, totdat die laaste siel, wat in die Lam se Boek van die Lewe opgeskryf is voor die grondlegging van die wêreld, ingekom het. Daar gaan net soveel van hulle daar wees, en dis dit. Dis al. Die ander sal nie eens wil inkom nie; hulle het geen begeerte om in te kom nie. En so, dan, wanneer daardie laaste siel inkom, dan is die tyd van verlossing verby.

35 Dan kom die Lam na vore om Sy regte op te eis van wat Hy verlos het, en dis die hele skepping. Die aarde en alles behoort aan Hom. Sien? Hy het dit met Sy Eie Bloed verlos. En toe Hy na vore gekom het om hierdie Boek te neem, om Dit oop te maak, wel, goeiste, het hulle . . . Johannes nie meer geween nie. En hy het gekyk, en hierdie Lam was 'n geslagte Lam. Dit was alreeds doodgemaak, maar dit was weer lewendig. En nou het ons uitgevind dat 'n geslagte lam 'n bebloede lam is, wat oraloor bloei. Dis geslag. Nadat Dit geslag is, het Dit weer opgestaan. Dit het op die Troon gesit, sê, daaragter die Troon in, *so*, besig om in te tree vir al daardie siele wat sou kom. Dan wanneer die laaste een hier is, en dit afgehandel is, die . . . God het steeds die Boek van Verlossing gehou. Sien? Nou doen Hy nou net die Bloedverwant werk.

36 Soos, Boas wat afgegaan het, en Rut het net daar gesit en wag totdat Boas . . . Ek bedoel, Boas die ver-. . . bloedverwante, verlossingswerk gedoen het. Onthou julle dat ek daaroor gepreek het, nie lank gelede nie? Rut, wat die are optel; en, Rut, wat sy ook al gedoen het; en so aan, en die laaste ding was, Rut, wat wag. Onthou julle hoe ek dit in die Kerk getipeer het? Terwyl, Boas afgaan om die bloedverwante lossingswerk te doen. Hy het dit gedoen; sy skoen uitgeskop en 'n getuienis gelewer, en Naómi gelos, en, daardeur vir Rut verkry—kry. Nou, so, Rut het net gewag, want sy het reeds gearbei. Sy het al hierdie ander dinge

gedoen, maar nou het sy gewag. En toe, toe . . . Die Kerk wag, rus (baie van hulle, die meeste van hulle, in die stof van die aarde), terwyl Hy Sy Bloedverwante Lossingswerk doen.

37 Nou die wêreld raak steeds erger. En sonde hoop op, en—en siekte, en moeilikheid, en dood, en verdriet. Die goddelose mans en goddelose vroue gaan net dood. Kanker vreet hulle op, en alles anders, as hulle nie genoeg geloof kan bekom om daar uit te reik en 'n houvas daarop te kry nie.

38 Nou let op. Maar toe na alles verby was, na Sy midde- . . . Sy bemiddeling gedoen is, kom Hy na vore, neem die Boek uit die hand van Hom. En toe het Johannes, en alles in die Hemel, en begin . . . Die siele onder die altaar het begin uitroep. Ons kry dit weer in die Sesde Seël. En hoe het hulle nie gejuig nie! En—en hulle het neergeval, die ouderlinge, en die gebede van heiliges uitgegiet. En die siele onder die altaar het uitgeroep: "U is waardig, want U het ons vir God verlos! En ons gaan terug na die aarde, om as konings en priesters te lewe." O, daar was 'n groot . . .

39 En Johannes het gesê: "Almal in die Hemel, alles onder die aarde, en alles," het hom God daaroor hoor prys. Johannes moes sy naam Daarop gekry het, julle weet. Al daardie tyd!

40 Toe het hy gesê: "Hy is waardig om die Boek van Verlossing te neem." Nou behoort dit nie meer daar aan die Regter nie. Dit behoort aan die Verlosser, en Hy het die werk van verlossing al klaar gedoen.

41 Nou gaan Hy vir die Kerk wys wat Hy gedoen het. Amen. Sien? Dan neem Hy net . . . Maar die Boek is toe. Niemand het, hoegenaamd, geweet nie. Hulle weet Dit was 'n Boek van Verlossing, Daarop daar, maar Dit moet in die laaste dae geopenbaar word. Volgens Openbaring 10, gaan die sewende engel die Boodskap Daarvan gegee word. Want, Dit het gesê, dat: "In die tyd van die weerklink van die sewende kerkeeu, die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is al die verborgenhede van God volbring, deur sy basuin." Dan, na Dit geopenbaar is, daal die Engel van die Hemel af neer, wat Christus was. Nou onthou, hierdie engel is op aarde, 'n boodskapper.

42 Christus daal neer, julle sien Hom in die 10de hoofstuk van Openbaring; plaas een voet op die land, die ander een op die see; reënboog oor Sy hoof, oë soos . . . en voete soos vuur, ensovoorts; steek Sy hand op, en sweer by Hom wat vir ewig en ewig lewe, op die Troon, dat: "Daar geen tyd meer sal wees nie." En wanneer Hy hierdie eed sweer, laat Sewe Donderslae hulle stemme hoor.

43 En die skrywer, wat, toe Johannes opgeneem is, was veronderstel om te skryf wat hy gesien het. Hy het begin neerskryf. Hy het gesê: "Moet Dit nie skryf nie." Want . . . "Moet Dit nie skryf nie." Dit is 'n on- . . . Hy het gesê: "Verseël

Dit." Waarin? "Verseël. Moet Dit nie sê nie." Sien, Dit moet geopenbaar word, maar Dit is nie eens in die Woord geskryf nie.

44 En dan wanneer Hy die Seëls begin oopmaak, vind ons uit, hulle is almal raaiselagtig. Sien? Toe Hy die Eerste Seël oopgemaak het, het hy gedink: "Nou hier gaan Dit lees: 'En dit sal gebeur dat *so-en-so* op die troon sal wees, en *sommiges* sal *dit* doen, en *hierdie* sal *dat* doen.'"

45 Maar toe dit is, hier het hy gegaan, 'n wit perd, wat ry, en 'n ruiter daarop. Wel: "Hy het 'n boog in sy hand gehad; en hy is 'n kroon gegee, na 'n ruk," het hy gesê. Dis al.

46 En die Lam het weer omgedraai, en nog 'n Seël afgetrek, en hier het 'n swart . . . 'n ruiter op 'n vuurrooi perd uitgegaan. "En hy het 'n . . . is gegee 'n—'n swaard; en hy sou gaan oorlog maak; en is groot mag gegee, en neem vrede van die aarde af weg, en maak mekaar dood." Dit was soort van 'n . . . steeds 'n verborge ding (was dit nie?), toe Hy Dit oopgemaak het.

47 En gaan dan voort, en het gesê: "In die dag net voor hierdie Sewe Donderslae, word al die verborgenhede hier geopenbaar."

48 Nou kyk. Dan vind ons uit, soos ons dit bestudeer het, dat ons, deur die eeue heen, hervormers gehad het, nie profete nie. Hervormers! En elke amp dra sy eie—sy eie werk.

49 Net soos 'n man wat 'n—'n telefoonoperateur is, hy is nie eintlik 'n elektrisiën nie. Hy sou 'n klein takie daarvan kon verrig. En soos, wanneer 'n man 'n lynwerker is, wel, hy sal sekerlik . . . 'n Man 'n paal-gatgrawer is, en nog nooit enige lynwerk gedoen het nie, moet hy liewer van die lyn af wegbly; maar hy sou 'n lapwerkie of iets kon doen.

50 Maar wanneer die egte Ding geopenbaar moet word in die laaste dag, van die laaste deel van die Kerk, is wanneer God gesê het dat Hy na ons sou stuur, volgens die Skrifte. En ons het dit deur en deur ondersoek, dat Hy voorspel het, dat die Gees van Elía in een of ander persoon sou terugkeer. Nou, ek reken dit is net so duidelik gemaak. En ons . . . En ons verwag dat dit gaan gebeur; dat daar êrens 'n gesalfde persoon, in die laaste dae, sal opstaan. Nou julle sal 'n klomp fanatici hoor en alles, maar dit probeer net—net om . . . Dis die duiwel, wat van die ware een probeer wegneem, wanneer hy hier kom, sien. Maar dit sal behoorlik geïdentifiseer word. Julle weet wat Elía was; en hou dit dop, en julle—julle sal weet. En dan wanneer hy . . . Nou, die Uitverkorenes sal weet.

51 Nie die ander nie; hulle sal dit beslis nie doen nie. Hulle sal Dit met 'n miljoen myl mis. Soos . . . Ons is deur dit alles, en het gewys hoe hulle vir Johannes misgekyk het, hoe hulle vir Elía misgekyk het, hoe hulle vir Jesus misgekyk het, hoe hulle hulle almal misgekyk het langs die pad. En hulle sal dieselfde ding doen, want die Bybel het gesê hulle sal. Sien? So dan, in daardie tyd, sal Dit baie nederig wees. Dit sal so eenvoudig wees. Dit

sal . . . wat mense Daarvan sal laat wegval. Dis te eenvoudig vir hulle. Ons vind uit, en altyd, as mense slim en geleerd raak en sommer heelwat weet, dan hulle net . . . Dis net die soort wat dit miskyk, julle weet. Sien?

52 Jesus het nooit daardie soort mense geneem as Sy dissipels (te wees) nie. Hy het ongeleerde mense geneem, vissermanne, en niemand was verbonde aan hulle kerke en dinge nie. Hy het net gewone mense gekry, tollenaars, en boere, en vissers, ensovoorts, om Sy werk te doen. Sien? Want, hulle—hulle weet hulle is niks nie, dan kan Hy iets uit hulle maak, sien. Solank hulle bly weet dat hulle niks is nie, dan kan God werk.

53 Maar as hulle begin dink dat hulle iets weet, dan: "Julle weet niks wat julle behoort te weet nie," sê die Bybel. En so, dan, ons—ons kry dit.

54 En nou, dan vind ons uit, dat hierdie verborgenhede veronderstel is om geopenbaar te word.

55 En waarom het hierdie ander manne, Wesley, Luther, en daardie groot hervormers, wat regverdigmaking, heiligmaking, die Pinkstereeu met die doop van die Heilige Gees en dinge, na vore gebring het, waarom het hulle nie hierdie—hierdie Boodskappe gesnap nie? Waarom het hulle Hulle nie gekry nie? Omdat hulle hervormers was. Sien?

56 Net soos, neem dit van die ander kant af, daar het mense ingekom wat "mag gehad het as konings, maar nie konings was nie." Sien? Sien? Mens moet let op die Bybel-terminologie van enigiets. Sien? Nou kyk. Maar, hierdie, die rede dat al die los drade, van die verborge deel van regverdigmaking, die verborge deel van heiligmaking, die verborge deel van die doop van die Heilige Gees. En, wel, watter soort het . . . ? Het Eva 'n appel geëet, of het sy 'n granaat geëet, of iets? Sien? Het . . . ? Wat was die slang se saad? En—en is die doop in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees," of die Naam van die "Here Jesus," reg? En, o, honderde van daardie dinge, is as los drade gelaat. Sien?

57 En dan, in die laaste uur, is hierdie kêrel veronderstel om te kom en die ding te openbaar, sien, die Skrifte op te neem. Dit sal behoorlik geïdentifiseer wees. Kyk. Ja, meneer. En, nou, dit sal nou nie 'n yslike groot ding wees nie. Dit lyk, hier in die Bybel, asof dit iets groots sal wees.

58 Hoeveel groter was dit nie, toe Johannes veronderstel was om daar te kom doop nie! Dink nou net. Die profete, destyds, al die pad terug, Jésaja, Maleági, en hulle almal het van hom gepraat, wanneer hy sou kom. En toe hy het, net 'n enkele, ou, ongeletterde kêrel, met stoppels oraloor sy gesig, en hare wat uitstaan soos 'n haarwurm, en 'n groot ou stuk skaapvel om hom gevou; geen geleerdheid hoegenaamd nie, het nooit 'n dag in sy lewe skool toe gegaan, sover ons weet nie. Sien? Hier het hy uit die woestyn uitgekom, en is nie eens soveel as verwelkom op 'n preekstoel nie,

en het daar by die Jordaanrivier gestaan en mense tot bekering begin roep. Kan jy jou dit voorstel!

59 Die Bybel het gesê, dat: "Alles sal so groot wees op daardie dag, dat selfs al die hoë plekke laag gemaak sal word, en al die lae plekke na bo gebring sal word." Ja, meneer. "En al die rotsagtige plekke sal 'n laagte word."

60 Wel, ek kan my voorstel om hulle daar te sien, dink Johannes sal kom, of hierdie groot voorloper van Christus, en net die hele woestyn neem en dit gelyk maak, en dit weer vol gras maak. Sien? O, hulle, ek stel my voor hulle het dit alles uitgewerk gehad, omtrent soos hulle vandag gedoen het.

61 Maar, dit was so nederig, dat selfs die apostels dit misgekyk het. Hulle het gesê: "Wel, waarom sê die Skrif, as die . . . U gaan nou daarheen om opgeoffer te word? Waarom sê die Skrif dat—dat Elía eers moet kom?"

62 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie. En, met die Seun van die mens, sal hulle dieselfde ding doen. Maar, Johannes," het Hy gesê: "het presies gedoen wat vir hom bestem was om te doen. En hulle het aan hom gedoen net wat hulle veronderstel was om te doen. En," het gesê: "so moet die Seun van die mens gely word."

63 Wel, daar was, skat ek, nie een-derde van die hele Joodse ras wat ooit geweet het dat Jesus Christus op die aarde was nie. Het nie . . . Hulle het dalk gehoor van een of ander fanatikus daarlangs êrens, maar hulle het nie enige aandag daaraan gegee nie, net voortgegaan. "Hy het na Sy Eie toe gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Nou, dis daar waar ek glo selfs . . . Nou, daar is nie gesê Hy sou in die geheim kom nie.

64 Maar die Wegraping sal 'n geheim wees. So as dit so in die geheim was, toe Hy gekom het, hoeveel te meer sal die Wegraping onbekend wees! Sien? Hulle sal dit nie weet nie. So hulle sal sê: "Wel, ek het gedink ons was veronderstel om 'n Wegraping te hê. En al hierdie oordeel oor die aarde?"

65 Hy sal sê: "Dit het alreeds plaasgevind, en julle het dit nie geweet nie." Sien? Dit sal so wees, net soos 'n dief in die nag.

66 Soos 'n—'n boek wat ek gelees het, eenkeer. Wat word dit genoem? *Romeo en Juliet*, is dit wat dit was, of iets? Hy laat, het op 'n manier die leer teen die kant van die huis opgekry. Ek ver- . . . Was lank gelede. En het gekom, het sy . . . om haar in die nag uit te kry.

67 Nou, dis hoe dit sal—dit sal plaasvind, en dit sal weg wees. Nie, hulle sal 'n klomp Engele afgestuur, met 'n paar grawe, en die grafte opgrawe nie. Die Bybel het gesê: "Ons sal verander word, voor jy selfs jou oog kan knip." Net 'n oogwink, sal dit alles verby wees, so gou.

Net sê: "Iemand het verdwyn."

68 Wel, ek kan my voorstel as ons die wêreld sou kon deursoek vandag, was daar vyfhonderd mense wat elke dag van die aarde af verdwyn, sien, waarvan hulle niks weet nie. Hulle word net as, verdwyn, aangegee.

Wel, daar gaan nie te veel wees wat in daardie Wegraping gaan nie.

69 Nou, ek wil julle nie bang maak nie, en ek—en ek—ek—ek—ek dink nie dit is so nie, maar ek wil julle net vertel wat Hy gesê het. En julle weet dit, self. "Soos dit was in die dae van Noag, waarin daar agt siele deur water gered is. Agt siele uit die hele wêreld, gered deur water."

70 Wel, jy sê: "O, goeiste! Dis nie vir my nodig om te probeer nie." Dit wys jy het nie die soort geloof wat jy nodig het nie.

71 As daar net een gaan—gaan wees, sal dit ek wees, amen, want ek glo. Sien? Dis hoe jy dit wil glo, sien: "Sal ek wees." Seker. Ek wil so naby aan Hom lewe, dat ek weet Hy gaan my vat as Hy kom. Ek glo dit. Dis reg. So as daar . . . As alle ander dit mis, gaan ek daar wees, deur Sy genade. Want, Hy het my dit belowe, en ek weet dat ek sal—ek daar sal wees, want Hy kan nie lieg nie. En ek weet my siel en lewe getuig, en ek probeer daagliks lewe net asof Hy op pad is, so ek—ek—ek gaan daardie een wees. Dis hoe jy wil voel: "As daar agt gaan wees, gaan ek een van daardie agt wees; as daar vyfhonderd gaan wees, gaan ek een van daardie vyfhonderd wees. Weet nie van die ander kêrel nie, maar ek wil een van daardie vyfhonderd wees." Sien? Dis hoe jy wil onthou. Sien?

72 En as jy dit nie so onthou nie, is daar iets verkeerd met jou geloof. Sien? Dan is jy nog nie seker dat jy gered is nie. Jy raai net daaroor. Moet dit nie doen nie. Goed.

73 Ons gaan nie by hierdie Seël uitkom nie, gaan ons? Goed. Ek wil, elke aand . . . Ek weet nie of julle omgee dat ek julle tyd in beslag neem nie. Ons sou 'n bietjie vroeër kon uitgaan. Daar's nie te . . .

74 In die openbaring hiervan, van hierdie Seëls, onthou, dis eintlik net een vers. Die eerste, gee die aankondiging daarvan, die 2de vers. Byna al die kommentare daaroor, ensovoorts, as ek lees daarvan, of—of hulle gedagtes daaroor lees, en ek het—en ek het altyd geglo soos byna almal van hulle, dat daardie eerste perderuiter die—die vroeë kerk was. Maar toe die Heilige Gees dit geopenbaar het, was dit absoluut teenstrydig daarmee. En so dan, al wat dit doen, wys net wat dit is. En dan probeer ek . . .

75 Nou, vir my, is hierdie baie heilig. Dis waarom ek liewer hierdie vrae wil beantwoord. En laat ons dit kry, almal duidelik verstaan, en op bande, ook, dat hulle nou sal verstaan. Sien? Ek het saans 'n rukkie probeer praat, ter agtergrond, om die mense te kry . . .

76 Haas hier in en druk hier in, en, jy behoort dit nie te doen nie. Sien? Maar, wanneer dit gebeur, dis mense. En dis warm hier—hierbinne, en julle—julle is rusteloos.

77 Maar julle was baie, baie gaaf. Die beste wat ek die mense al ooit sien optree het, in die tabernakel, was hierdie byeenkoms; en het stil gesit, en ma's het hulle babas na die moederskamer toe gevat as hulle begin huil het. En alles was baie aangenaam.

78 Maar ek probeer daarvoor agtergrond gee totdat ek net die salwing van die Gees op my voel, om hierdie Woorde te sê, om te sê wat aan my geopenbaar is. En dan as ek êrens, terwyl ek dit doen, as ek 'n fout gemaak het hier, dan sal Hy dit sekerlik hier voor al die mense vir my regmaak. Ek—ek wil dit hê. Dis—dis . . . Ek wil Dit reg hê. Dis nie nodig om net te aanvaar dit wat jy jou verbeel nie. Daar is iets wat reg is, en—en ons wil Dit hê. Ons wil hê God moet vir ons gee dit wat reg is.

79 So nou het ons hierdie, hierdie ruiters geneem, soos hulle opgekom het. Die eerste perd, nou, en ons besef dat dit die—die antichris was wat uitgegaan het. En toe het ons uitgevind, gisteraand, dat dieselfde kêrel wat as antichris uitgegaan het, as 'n wit perd, ons het hom gekry met 'n swaard, gisteraand, wat ry, en mense doodmaak.

80 Nou, nou, daar is altyd die natuurlike en die geestelike. En om die Kerk se onthalwe, wil ek tipeer, net voor ons by die opening van hierdie Seël kom.

81 Wat, wat Hy vir my gegee het, dit het ek hier neergeskryf. Ek het verskeie Skrifte hier, sewe of agt bladsye daarvan, en soos ek daarna verwys.

82 Let op, ek wil 'n tipe gee, van die Kerk, en dit so duidelik maak dat julle nie anders kan as om dit te sien nie. Sien?

83 Nou, daar was 'n natuurlike bruid in die tuin van Eden. Onthou gisteraand? Daardie natuurlike bruid, sy was Adam se geliefde, nog nie sy vrou nie, want hy het haar nog nie as 'n vrou beken nie.

84 Net soos Maria Josef se vrou was, maar hy het haar nog nie beken nie. "Sy is swanger bevind." Sien?

85 Nou, voordat Adam sy vrou beken het, was sy net 'n bruid vir hom. Goed. En ons vind uit dat God . . . Sy, sy het in die tuin van Eden geval omdat sy nagelaat het om te bly by God se Woord.

86 Nou, Hy het geweet dat Satan onder hulle losgelaat sou word, so Hy het vir hulle 'n—'n plek gegee om agter te skuil; hulle te verskans. Wel, daar, wie sou 'n beter plek ken om verskans te word, as God, wanneer Hy probeer om vir Sy Eie kinders te sorg?

87 As ek wou sorg vir my klein Joseph, wel, broer, alles . . . En ek het geweet sy lewe hang daarvan af, wel, ek sou . . . en ek was in staat om dit te doen. Wel, as veertig-voet beton, versterk, die—

die ding sou wees wat dit kon doen, is dit . . . sou ek dit negentig voet maak, om seker te maak, daarvan.

88 En as ek dit kan dink oor my seuntjie, (wat, as sy sterflike lewe verlore is, ek glo 'n kind sal gered word), hoeveel te meer, vir God, vir Sy kind wat vir Ewig verlore sou wees! Waaragter behoort Hy hom te plaas? Hy het hom agter Sy Eie Woord geplaas. Solank jy in daardie Woord is, is jy veilig. "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra dan net wat julle wil." Dit is dit, die Woord.

89 So, Eva het begin wandel in die tuin, en sy het die slang raakgeloop, 'n baie gepoleerde tipe kêrel. En sy . . . En hy het begin . . . Nou, hy was aan die ander kant. God lewe, woon, werk in nederigheid, nooit op enige ander manier nie. Sien? Nou, die klein, nederige dame het daar aangestap, en Satan het nadergekom as 'n wyse, gladde, gepoleerde tipe kêrel. En hy wou die program aan haar verkoop. Solank as . . .

90 Maak nie saak hoeveel Satan daar was nie; solank sy agter hierdie Woord geskuil het, was sy reg. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.] Sien? So, laat Satan doen wat hy wil; bly jy net by die Woord. Maak glad nie enige verskil nie.

As hy sê: "Wel, jy's siek."

"Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom."

"Wel, jy gaan sterf."

"Hy sal my weer opwek. Hy het dit belowe."

91 Sien, bly net agter die Woord. Dis al. Christus het Self op die Woord teruggeval. "Daar staan geskrywe." Sien? Nou, bly skuil agter die Woord.

92 Maar, Eva, sy het soort van begin toegee, maar sy het nie heeltemal toegegee nie. Sy het net een klein frase verslap. En dis wat Satan wou hê sy moes doen. Hy het haar agter God se belofte uitgekry, deur te redeneer.

Moet nooit God se Woord probeer beredeneer nie. Glo Dit net! Sien?

93 So, sy het Daaragter uitgestap. En voordat Adam ooit by haar gekom het, as 'n vrou, was sy alreeds deur Satan besoedel. En sy . . .

94 En het julle opgelet? Christus het presies dieselfde ding gedoen. Nou, om te verlos, moes God eerste daar wees. Het julle opgelet? Maria, voordat sy na Josef gekom het, was die Heilige Gees alreeds daar. Amen. Sien? Dis waar die Verlosser gekom het.

95 Nou, nou let op, die natuurlike vrou het geval, en God het vir haar 'n weg gebaan om verlos te word. Al het sy geval, het Hy 'n weg gebaan.

96 Nou, dit was die eerste bruid op aarde, het geval, voordat sy en haar man getroud was. Sy het geval, as—as gevolg van—van redenasie, in plaas van by die Woord te bly. Sy het geval. En sy het geval na die dood, Ewige skeiding. Sy het haar man en alles anders wat daar op die aarde was, saam met haar gevat. Sy het geval!

97 Nou, maar, God, vol genade, het 'n weg gebaan om daardie vrou te verlos. En nou het Hy vir haar belowe, vir haar gesê dat die ware Woord, êrens in die toekoms, weer na haar toe sou kom. Die ware Woord sal aan haar bekend gemaak word. Nou onthou dit. Want, Hy het Christus belowe, deur die vrou.

98 En Christus is die Woord. Johannes 1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword," sien: "en onder ons gewoon." God het onder ons kom woon in die vlees. Hy was die Woord.

99 Voor 'n Woord, is dit 'n gedagte. En 'n gedagte moet geskep word. Goed. So, God se gedagtes het skepping geword toe dit gespreek is, deur 'n Woord. Dis wanneer Hy dit voorstel aan—aan jou as 'n gedagte, Sy gedagte, en dit word aan jou geopenbaar. Dan, is dit steeds 'n gedagte totdat *jy* dit uitspreek. Dis waarom . . .

100 Moses het uitgegaan om te bid. Daardie Vuurkolom rondom hom, en Hy het gesê: "Gaan, steek jou staf uit na die ooste, en sê, roep om 'vlieë.'"

101 Daar's geen vlieë nie. Maar hy het gegaan en die staf daar uitgehou, en gesê: "Laat daar vlieë wees." Nog nooit enige vlieë gewees nie. Het teruggegaan. Maar die woorde, God se gedagte, was alreeds uitgespreek. Dis 'n woord, nou moet dit gebeur.

102 Nou sien julle nie waar Jesus gesê het nie? "As jy vir hierdie berg sê; nie as Ek dit sê nie. Maar as *jy* vir hierdie berg sê: 'Word beweeg.'"

103 En die eerste ding, skat ek, in Moses se tyd, begin groot ou groen vlieg zoem. En, na 'n ruk, was daar vyf pond per jaart. Sien? Waar het hulle vandaan gekom? Hy . . . God het hulle geskep. Sien julle nie hoe . . .

104 God kan hierdie wêreld vanaand vernietig, met—met muggies, as Hy wil. Wel, Hy sou muggies kon ophoop tot reg by die maan. Al wat Hy sou moes doen, is net sê: "Laat daar muggies wees, tot by die maan." Dit sou al wees wat nodig sou wees. Geen chemikalieë of niks, hulle sou net aanhou groei, groei, aangroei. Sien?

105 Hy kan doen wat Hy wil. Hy is God, die Skepper. Al wat jy hoef te doen, is net om dit te sê. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] Dis reg. Hy's die Skepper. Nou, as ons net sover kan kom om te besef hoe groot Hy is! Sien? Hy doen net wat Hy wil.

106 Hy sit daarbo en kyk na mense, en hierdie opvoedertjies, wat so slim raak, en: "Daar's geen God nie," en—en alles. Huh! Wel, dit is weer net soos hulle by Babel was. Babel, liewer.

107 Nou ons let op dat God vir Eva gesê het, dat: "Na so 'n lang tyd, kom die Woord weer terug na jou toe." Nou, hoe het sy geval? Ek wil hê my klas moet dit sê. Waarvanaf het sy geval? Waarvanaf het Eva geval? Die Woord. Is dit reg? [Gemeente sê: "Die Woord."—Red.] Die Woord. En God het gesê Hy sou 'n weg baan om haar weer terug te verlos na die Woord. Goed. Na so 'n lang tyd, sou die Woord aan haar bekendgemaak word. Goed. Die Woord sou nou vir een doel kom. Hou nou styf vas, aan wat ek sê. Die Woord sou na haar toe kom vir een doel, dit was vir verlossing. Goed.

108 Maar, tot—tot dan, het sy 'n plaasvervanger gehad wat sou—wat sou werk tot die tyd aangebreek het vir die oorspronklike Woord. Nou, verstaan—verstaan julle nou duidelik? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Hy het vir haar gesê die Woord sou weer tot haar kom, maar, tot daardie tyd, het Hy vir haar 'n plaasvervanger gegee totdat daardie tyd sou aanbreek. So, Hy het vir haar 'n offerande gegee om te maak, 'n plaasvervanger vir daardie Bloed.

109 Nou, die bloed was van bulle en skape, en bokke en dinge, maar dit het nie haar sonde weggeneem nie. Sien? Dit het net haar sonde bedek. Dit het dit glad nie weggeneem nie. Dit het dit bedek. Want, dit was 'n dier se bloed, en in die dier se bloed is die dier se lewe. Dit was 'n plaasvervanger totdat die ware . . . Nou trek julle jasse aan.

110 Die ware, menslike Bloed, soos menslike wesens sou wees, is geïnkarneer (God); sonder seks, maagdelik, die maagdelike geboorte het dit voortgebring. Nou God se Woord, belofte, het Bloed geword, en is beliggaam in die Persoon van Jesus Christus, die Verlosser. "Die bloed van stiere en bokke, ensovoorts . . . "

111 Maar wag nou. Hier het God die belofte gemaak, gesê dit sou daar wees wanneer Dit kom: "Haar Saad sou die slang se kop verbrysel." Nou, as haar saad gekom het net soos van Adam af, of soos dit was van die slang af, ensovoorts, dan sou dit steeds sondige saad wees.

112 Dis waarom Johannes gehuil het. Daar was niemand, want niemand . . . Almal was oorkant, anderkant die sloot, die afgrond. Maar daar kom 'n tyd dat daar met hierdie plaasvervangende bloed van diere weggedoen sou word, toe die ware geïnkarneerde Bloed gekom het: God, wat vlees en Bloed gemaak is. Die Bybel het gesê Hy is. Een Timotéüs 3:16: "Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: want God is geopenbaar in die vlees." Dis reg. Die maagdelike geboorte het dit gedoen.

113 Nou, die bloed van skape en bokke het sonde bedek, maar het nie daarmee weggedoen nie, want dit was 'n dier se bloed. Maar dit moes deug, sou 'n plaasvervanger wees.

114 En hulle het beslis gewoond—gewoond geraak aan daardie plaasvervanger, en so hulle het net aangehou.

115 En, toe, is die ware, beloofde Woord gemanifesteer in Jesus Christus, Wat bewys is as die Seun van die groot Skepper, God; en Self bevestig is, as die lewende Woord van God. Sjoe! Goeiste! Hy het bewys Hy is. Hy kon dinge in ontstaan spreek.

116 Daar is nie 'n menslike wese, of—of niks in die wêreld, wat dit kon doen nie. Daar is nie 'n ding op aarde wat kan skep, behalwe God nie. Die duiwel kan nie skep nie. Hy is 'n verdraaier van wat klaar geskep is, maar hy kan nie skep nie. Sonde is net geregtigheid wat verdraai is. Julle weet wat ek bedoel. Wat is 'n leuen? Dis die waarheid wat wanvoorgestel word. Sien? Wat is 'n egbreuk? Die regte wettige daad wat verdraai is. Alles is sonde, sonde is net die Waarheid wat verdraai is. Nou, hy kon nie skep nie.

117 Maar toe Christus gekom het, bewys Hy was die Skepper. Daar was die Bloed wat belowe is. Nou as julle dit wil lees, kan julle . . . Kom ons blaai net vir 'n oomblik. Ons gaan in elk geval ons tyd vat hiermee, vanaand. Ek . . .

118 Dit maak my senuweeagtig. Ek dink almal wil huis toe gaan, julle weet. En so, dis 'n . . . [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nou kom ons kry vir Handelinge 2. Dankie. En ons sal net . . .

119 Handelinge 2, en ons sal uitvind of dit reg is, of nie, of Hy bewys was dat Hy God was. Goed. Kry Handelinge 2. Nou kom ons kry die 22ste vers hier, Petrus wat praat, die Dag van Pinkster.

> *Al julle Israeliete, luister na hierdie woorde; Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte . . . wonders en* teken, *wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos* julle *o- . . . ook* se . . . *julleself weet:*

120 "'n Man vir julle aangewys, dat dit God onder julle was." Het deur die einste dinge wat Hy gedoen het, bewys dat Hy was. Hier is Petrus, wat voor die Sanhédrin, vir hulle staan en vertel.

121 Nikodémus het dit ook geweet. Hy het gesê: "Rabbi, ons weet almal dat U 'n Leermeester is wat van God af kom, want niemand sou hierdie dinge kon doen tensy Hy van God af kom nie." Sien? Hulle het dit geweet. Maar waarom?

122 Nou kyk. Nou, Eva is dit belowe. Maar toe . . . Daardie bruid het daar aangekom, en geweier, toe die ware Woord na haar toe gekom het. So, die vrou het geweier om te herken; die Hebreeuse bruid. Want, sy was die bruid van—van God; Hy het haar weggesit, in egskeiding. Is dit reg? Sy was die bruid van God.

123 Julle sê: "Wel, hulle was nooit getroud nie." Dis reg. Maar Josef het Maria weggesit voor . . . Was van plan om Maria weg te sit voordat hulle getroud is. Sien? Hy was verloof aan haar.

124 En toe Hy gekom het, en die Woord wat Hy beloof het, gekom het vir die huwelik, het Hy haar toegedraai gevind, in haar plaasvervangers, so erg, dat sy nie die ware belofte wou neem wat gemaak is, die Woord, Christus, nie.

125 Miskien begryp julle dit nie. Laat ek net weer daaroor gaan. Ek wil hê julle moet dit begryp, sien.

126 Sy is belowe, (die bruid, Eva), sou 'n Verlosser wees. Haar Verlosser sou die Woord wees. En toe die Woord in vlees gekom het, het sy Dit verwerp. Sy is plaasvervangers gegee. Nou hou dit: "plaasvervangers." Is plaasvervangers gegee om mee voort te gaan, tot die Verlosser sou kom. En toe die Verlosser gekom het, wou sy met haar plaasvervanger voortgaan, en het die ware Woord verwerp. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En dit was die Hebreeuse bruid.

127 So het Hy, met die tweede Eva, bruid, die moeder van alle geestelike lewe. Sien? *Eva* beteken "die moeder van almal," dis geeste- . . . "alles wat lewe." *Eva*: "moeder van alles wat lewe."

128 Nou, en toe Hy na die Hebreeuse bruid gekom het, was sy die moeder van alles wat gelewe het, maar sy het Dit verwerp.

129 Natuulike Eva het geval, in Eden, deur na Satan se redenasie teen God se Woord te luister. Dis hoe sy geval het. Goed, meneer. Sy het geval omdat sy dit gedoen het.

130 Geestelike Eva, nou, dis die kerk, Christus se bruid. Sy het geval, nie in Eden nie, maar in Rome, sien, by die Nicaea Raad, toe sy verwerp het, daardie Pinksterkerk, wat daar na Nicaea toe gegaan het, en geluister het na Roomse redenasie, in plaas van om aan die Woord vas te hou, sy het geval. En alles om haar heen, het saam met haar gesterf, rondom haar. Nou, net soos die natuurlike Eva geval het, het die geestelike Eva geval. God se bruid het geval—geval in die tuin; Christus se Bruid het in Rome geval. Sien?

131 Let op, deur dieselfde redenasie, teen God se Woord, het sy ook haar aansprake op deugdelikheid prysgegee, aan Satan. Wat, ons in die breek van hierdie Seëls gevind het, dat dit Satan was daar, en nogsteeds Satan is. Die Bybel het gesê dis die einste setel van Satan. En soos Eva haar—haar deugdelike regte prysgegee het, en hulle aan Satan oorgegee het, in die tuin van Eden; het die kerk, die bruid van Christus, dieselfde ding gedoen by Rome, toe hulle die Bybel prysgegee het vir hulle dogmas en redenasies. Sien julle hoe dit tipeer? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

132 Trek jy net daardie tipes deur, jy sal reg moet uitkom. As my hand lyk soos . . . As ek myself nog nooit gesien het nie, en ek sien my skaduwee aankom, sal ek net omtrent weet hoe ek lyk. Sien?

Maar, dis die manier. As jy wil sien wat kom, kyk wat was. "Want die . . . al die ou dinge was skadu's van dinge wat moes kom," het die Bybel gesê. Goed.

133 Want, sy het haar deugdelike Woord, die Woord van God, prysgegee, toe sy die Bybel verkoop het, en 'n man daar ingestel het, wat gesê het die kerk het die reg om enigiets te verander wat hulle wil verander. En hulle het dit gedoen. En die bruid van Christus, die pinksterbruid, het haar deugdelikheid uitverkoop, by Nicaea, net soos Eva haar deugdelikheid verkoop het aan Satan, in die tuin van Eden. Presies. Goed.

134 God het belowe; hierdie kerk, hierdie pinksterkerk, wetende dat sy dit sou doen; soos Hy vir Eva gedoen het, het God belowe.

135 Die pinksterkerk, glo julle dat sy haar geboorteregte verkoop het, voor . . . haar deugdelikheid, toe sy daar weggegaan het? Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sy, sekerlik, sy het. Watter nut het 'n geloofsbelydenis dan, wat nie op hierdie Bybel gebaseer is nie? Ek wil hê iemand moet, wat hulle die Apostoliese Geloofsbelydenis noem, of net een woord daarvan, in die Bybel kry. Dis 'n Katolieke geloofsbelydenis, nie apostoliese geloofsbelydenis nie.

136 Lees Handelinge 2:38, dis apostoliese Geloofsbelydenis, as hy enige het . . . ? . . . Nou, dis in elk geval wat hulle die heeltyd gebruik het. So as julle . . . Sien?

137 So, hulle het hulle geboorteregte uitverkoop. Nie net dit nie, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Pinksters, die res van hulle, het dieselfde gedoen. Sy het 'n denominasie gevorm. Rome, wat haar dit laat doen het, sy het 'n denominasie gevorm en 'n man aan die hoof daarvan gestel. En die Metodiste, Baptiste, Pinksters en almal, het dieselfde gedoen, het 'n groep manne aan die hoof daarvan gestel. Maak nie saak wat God sê nie, hulle . . . Jy moet dit doen soos hulle sê dit moet gedoen word.

138 Wel, wat is dit? Dis absoluut niks anders as geestelike prostitusie nie, die verkeerde soort vrou; ja, meneer, geloofsbelydenisse, leuenagtige geloofsbelydenisse, mensgemaak. Toe word sy, toe sy dit gedoen het . . . Nou ek sal dit bewys. Sy het 'n hoer geword, vir God. Glo julle die Bybel sê so? Ja, meneer. Haar dogters het dieselfde gedoen.

139 Nou in Openbaring 17, as julle dit wil aanteken. Johannes is in die Gees weggeneem: "En het 'n groot hoer sien sit op . . . " En ons het dit gisteraand gelees. En daar was die sewe heuwels, en presies wat sy gedoen het. En sy het vir die wêreld haar onrein hoerery gegee. Is dit reg? "En al die konings van die aarde het met haar gehoereer," kul, en steel, en lieg, en betaal vir bekering, en—en novene, en elke ander ding.

140 Wel, nou onthou, sy het dogters gehad. Wel, as sy 'n liggaam geword het, en onder 'n organisatoriese stelsel, dan is die hele stelsel verkeerd. En as Eva, ongehoorsaam aan God, alles in

die dood gewerp het, wat onder haar was; en elke kerk wat organiseer, werp alles na die dood, onder hom. Presies. Die hele ding is gedaan. Dis presies volgens die Woord hier. Lees Openbaring 17. En die Bybel het gesê dat Hy "haar met vuur sal verbrand, en al haar kinders saam met haar." Dis reg. Dit beteken, elke organisatoriese stelsel sal brand, saam met die hoer.

141 Nou, dit klink kru, en ek—ek weet julle sal daarvan hoor, en ek—ek wil daarvan hoor. En ek—ek . . . Dis nogtans reg. Die Bybel het so gesê, so dit maak dit reg.

142 Sy het 'n "hoer" geword. Julle kan dit lees, in Openbaring, die 17de hoofstuk. Sy, wat het sy gedoen? Sy het hoerery gepleeg, teen haar eie Eggenoot. "Wel," sê julle: "nee, dis die Bybel." Die Woord is God. En as jy een ding neem . . .

143 Sal jy daarvan hou as jou vrou 'n ander man soen? Al het sy niks meer as dit gedoen nie, sou jy nie wou hê sy moes dit doen nie. Sy sou haar ontrouheid bewys.

144 "Wie ook al een Woord Daarvan wegneem, of een Daaraan toevoeg." Halleluja! Christus wil Sy Vrou suiwer met die Woord hê. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Dis hoe Sy moet wees.

145 Want, niks, nie een jota, of een jittel, of enigiets, of tittel, van daardie wet, of van daardie Boek, sal verbygaan, voordat Dit alles vervul is nie. Jesus het gesê: "Beide hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie."

146 Moenie enige private interpretasie Daaraan gee nie. Hy wil 'n suiwer, onbesoedelde hê, nie eens 'n koket nie. Ek sou nie wou hê my vrou moet met 'n ander man flankeer nie. En wanneer jy gaan luister na enige soort redes, buiten Dit, luister jy, flankeer jy met Satan. Amen! Laat dit julle nie godsdienstig voel nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God wil hê julle moet onbesoedeld bly. Bly net daar by daardie Woord. Bly net Daarby. Goed.

147 God het haar belowe, soos Hy het vir Eva in die tuin van Eden, vir hierdie laaste Eva hier. Wat, die pinksterkerk, die begin van die kerk, die kerk self, is die moeder van al die lewende mense, want, solank hulle daar ingaan. Maar, julle sien, as hulle haar sondes opneem, sterf hulle saam met haar.

148 Hier kom 'n kêreltjie aan. Hy sê: "Ek—ek wil God dien."

149 Hulle sê: "Wel, hier is wat jy doen. Gaan af soontoe en bekeer jou."

"Goed, ek sal dit doen. Glorie aan God!" Gaan af soontoe, bekeer.

150 "Kom sluit nou by ons aan." Daar, daar het jy dit. Uh-huh. Sien? Dit het dit getref. Huh! Dis reg, het net daarmee saam doodgegaan. Sien? Sien? Dis net . . . Dis wat hierdie Boek leer, sien, nie wat ek sê nie. Want, Dit sê Hier so. Goed.

151 Nou, God het haar belowe, soos Hy vir Eva het. Hy het vir Eva gesê dat daar 'n tyd sou kom dat die—die Woord weer sou terugkeer na haar. Nou onthou julle dit? Waarvan sy verlore is, dit sou herstel word. Want, daar's net een Ding wat kan herstel, en dis die Woord. Presies.

152 Ek het gesê, skiet met 'n geweer; as jy nie die teiken tref nie, soek waar dit afgedwaal het. Jy moet daarnatoe terugkom en weer begin. Sien?

153 En as jy teruggaan, gaan jy na Nicaea. Dis waar jy weer begin, sien. Gaan terug, weg van daardie organisasies af, weg van al daardie kerke af. En ons het hierdie Seëls net volmaak gesien.

154 Ek het altyd gewonder, my hele lewe lank, waarom ek so teen organisatoriese stelsels is. Nie die mense nie, nee. Die mense is net soos ek of jy, of enigiemand anders. Maar daardie stelsel, daardie denominasionele stelsel, nou sien ek dit net hier. Ek het dit tot nou toe, nie geweet nie. En dis reg.

155 God het die geestelike Eva belowe, net soos Hy het vir die natuurlike Eva, dat die Woord weer aan haar herstel sou word. In die laaste dae sou Hy weer aan die Kerk herstel, terug na die oorspronklike Woord.

156 Kyk nou baie mooi. Ek—ek wil hê julle moet nou seker wees. God het vir Eva belowe, die tyd sou kom dat die Woord deur haar Saad herstel sou word. Hierdie Woord, Self, sou Saad word. En toe hulle haar 'n plaasvervanger gegee het, het sy daardie plaasvervanger behou. En toe die Woord na haar toe gekom het, wat het sy gedoen? "Ek wil dit nie hê nie." Dis te nederig. Het nie, vir haar, reg gelyk nie. Was nie gepoleerd genoeg nie. "'n Stal? O, goeiste! Goeiste! So 'n kêrel, nie 'n dag in die skool nie? Wel, ek kan dit nie aanvaar nie. Dis geen Messias nie. 'n Kêrel wat Hom so laat rondskop deur die ouens, en noem dit dan 'Messias'? Laat hulle 'n doek oor sy gesig sit, en hom dan op die kop slaan? En hy het homself 'n Profeet, 'n ware Profeet genoem, wat opgewek is?"

157 Eintlik, het hulle nie profete geken nie. Jesus het so gesê. Hy het gesê: "As julle die profete sou geken het, sou julle My geken het." Dis reg.

158 Nou let op. Maar toe die Woord na haar toe gekom het, op die manier, net presies op die manier wat God gesê het Dit sou kom, het sy Dit op 'n ander manier uitgewerk gehad. Ek praat van die bruid, die Joodse bruid, die Hebreeuse bruid. Dit was Eva, aanvanklik. Toe, toe Dit hiernatoe gekom het, wou sy Dit nie hê nie. Sy wou by haar plaasvervangers bly.

159 Nou, God het vir geestelike Eva belowe, by Pinkster, daarvan vertel selfs nog voor dit gebeur het, vierhonderd jaar voor die kerk ooit geval het, dat hulle sou afvallig raak, en hulle sou doen wat hulle gedoen het. Maar, Hy het belowe, in die laaste dae sou Hy die Woord weer stuur.

160 Jesus het van dieselfde ding gepraat toe Hy op aarde was; Hy sou Dit weer stuur. En wat is . . . Wat sal Dit vind? Dit sal dieselfde ding vind wat Dit gevind het toe Dit die eerste keer gekom het. Reg. Hulle het . . . Hulle, hulle wil hulle plaasvervangers hê. Hulle wil hulle denominasie hê. Hulle wil hulle geloofsbelydenisse hê. Hulle wil lewe net soos hulle wil. En hulle wil: "Wel, ek is *So-en-so*. Ek behoort aan *So-en-so*," hê. Maak nie enige verskil wat God aan die doen is, hoeveel Hy Homself manifesteer nie; Hy sou die dooies kon opwek; Hy sou die geheime van die harte kon vertel; Hy kon enigiets doen wat die Bybel gesê het Hy sou doen. Dit maak geen verskil nie. "As dit nie aan my organisasie verbonde is nie, is daar niks Daaraan nie." Sien?

161 Dieselfde ding wat daardie Hebreeuse bruid gedoen het, dis reg, sien, hulle het na hulle plaasvervanger geluister. En God het vir hulle die egte belowe. En toe die egte gekom het, wou hulle Dit nie hê nie. Dit was te nederig.

162 Nou dis vandag dieselfde ding, wanneer—wanneer Dit op die toneel verskyn. Nou, God het gesê, in Maleági 4, dat Hy in die laaste dae, die Boodskap sou stuur, wat sou herstel. Joël het gesê: "Ek sal al die jare vergoed." Alles wat Rome opgevreet het, en alles wat die Metodiste opgevreet het, en alles wat die Baptiste opgevreet het, van daardie oorspronklike pinkstertak af, het God gesê: "Ek sal vergoed in die laaste dag." Dis reg.

163 En Hy kan vir ons so 'n persoon stuur wat sal wees . . . Die enigste ding waarheen God ooit Sy Woord gestuur het, was 'n profeet, nie na hervormers nie; na profete. Dit was nie die uur daarvoor nie. Nou is dit die . . . word dit die uur, en dit is waarom ons daarna uitkyk om te kom. Dit sal so nederig en sag wees! En so . . . O, goeiste!

164 Dink julle daardie aristokratiese Metodiste, Baptiste, en Presbiteriane, Pinksters, sal dit ooit ontvang?

"O," sê julle: "Pinksters?"

165 Die Pinksters is die Laodicense. "Ryk, en het behoefte aan niks."

166 Daar is gesê: "Julle weet nie dat julle arm is nie." Mag miljoene-dollar geboue bou, maar julle is nogtans arm, geestelik arm.

"O," jy sê: "ek sien Dit alles."

"Jy's blind!"

"Wel," sê jy: "geseënd sy God, ek is bedek."

"Nakend!"

"Wel, ek is seker van ons seuns. Ons het kweekskole. Ons . . . "

167 "En weet dit nie." Nou dis net omgekeerd. Nou, as die Bybel gesê het dat die Laodicése Kerk in daardie toestand sou wees . . .

168 En daar is geen persoon op aarde wat kan ontken dat dit die laaste eeu is nie, want, die Laodicése Kerkeeu, of, die sewende kerkeeu. En, hier is ons, die tweede tweeduisend jaar beëindig dit. Daar is nie nog kerkeeue nie. Dis waarom julle Spade Reën broers nie nog 'n organisasie kon begin nie. Daar gaan nie nog wees nie. Dis reg. Dis by die einde. Amen. Kan nie nog kerkeeue wees nie. Dis alles verby.

169 Maar dan as die pinksterboodskap die laaste boodskap was . . . Waar, regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees, die laaste drie boodskappe, die laaste drie kerkeeue vorm die volledige Geboorte.

170 Net soos wanneer 'n vrou haar baba kry, gaan kry; die werklike eerste ding wat gebeur is water, die volgende ding is bloed, die volgende ding is lewe.

171 Toe hulle Jesus aan die kruis doodgemaak het, het die substans uit Sy liggaam gekom, om die nuwe . . . uit te maak, om die—die Geboorte uit te maak. Hulle het Sy sy gesteek, Bloed en water het uitgekom, en: "In U hande gee Ek My Gees." Wat uit Sy liggaam gekom het, was water, Bloed, Gees.

172 Nou, Een Johannes 5:7 vertel jou daarvan: "Daar is drie wat getuig in die Hemel, die Vader, die Woord (wat Christus is,) en die Heilige Gees." En hierdie drie is eenstemmig; hulle is nie een nie, maar hulle is eenstemmig. En daar is drie wat getuig . . . Of: "Hulle is een," bedoel ek. Ek is daar verkeerd. "En die drie wat getuig op aarde, is die water, Bloed, en Gees, en hulle is eenstemmig."

173 Jy kan geheilig wees sonder om geregverdig te wees. En jy kan geregverdig wees sonder om geheilig te wees. Jy kan geheilig wees, sonder om die Heilige Gees te ontvang. Dis presies.

174 Die dissipels, in Johannes 17:17, was geheilig en is krag gegee om duiwels uit te dryf, maar het steeds nie die Heilige Gees gehad nie. Sien? Sekerlik. Moes opgaan na Pinkster, en daar wag tot die Heilige Gees gekom het.

175 Dis waar Judas sy kleure gewys het. Sien julle hoe daardie gees sy pad deur regverdigmaking, heiligmaking gewerk het? Maar toe dit by die einde kom, het hy sy kleure gewys. Sien? Dis reg.

176 Nou let nou op, en hier is ons by die endtyd. En geestelike Eva, net soos nat- . . . soos Hebreeuse Eva belowe is, die Hebreeuse bruid is belowe die Woord sou terugkom. En die geestelike bruid van Pinkster, toe sy by Nicaea geval het, toe is sy belowe in die laaste dae dat die Woord weer sal kom. Nou sê julle, dan . . .

177 Julle nog 'n Skrif wil hê, vat hier, Openbaring 10. En het gesê: "In die uur, die tyd van die—die laaste engel, die sewende engel (sewende boodskapper) begin weerklink, word die verborgenhede van God beëindig." Sien? Die herstel terug na die Woord! Die Bybel het gesê dat hierdie boodskapper van die laaste dae sou wees: "Hulle weer terug sou herstel na die oorspronklike Geloof, terug na die Geloof van die vaders." Maar dink jy hulle ontvang Dit? Nee, meneer. "Laaste dae, sou Hy die oorspronklike Woord weer herstel," soos Hy in Maleági 4 gesê het.

178 Maar sy het verbeur. Nou, sy het daardie Woord verbeur by Nicaea. Eva het in Eden verbeur; Eva het hare verwerp by Gólgota. En Nicaea se groep verwerp Dit in die laaste dae, presies dieselfde. Goeiste!

179 Maar toe die Woord in menslike vlees gekom het, het sy, Eva, die Hebreeuse kerk, moeder van alle geestelike lewe tot op daardie tydstip, het sy Dit verwerp. Sy was so dood, in haar tradisies en dogmas, dat sy Dit misgekyk het. So het hierdie een ook, presies. Goed.

180 Hulle kyk Hom mis, die lewende Woord gemanifesteer in vlees, deur die Woord wat belowe is. Die Woord het belowe om hierdie dinge te doen. Die belofte is gemaak, dat dit so sal wees in die laaste dae. "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." Nou kyk wat het gebeur by Sodom. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." Sien? Kyk wat toe gebeur het. Sien? Nou, Hy het gesê dit sal dieselfde ding wees, en ons lewe in daardie dag. Wel, en dit kan wees, skat ek, dat ek seshonderd beloftes soos dié kan kry, uit die Skrif, wat net daarna verwys. Sien? Nou, maar, hulle verwerp Dit.

181 Sy het vasgehou aan tradisies en plaasvervanger, in plaas van die—die . . . Sy het aan die plaasvervangende bloed vasgehou, in plaas van die egte Bloed. Jesus, die Woord, het gesê, toe Dit vir haar gemanifesteer is: "Omdat sy aan hierdie tradisies vasgehou het . . . " Jesus, die gemanifesteerde Woord, het vir die bruid, Hebreeuse bruid, gesê: "Omdat jy vashou aan jou tradisies, maak jy die Woord van God kragteloos vir jou. Dit kan geen uitwerking hê nie."

182 Nou dis wat vandag die rede is, is dat, die—die herlewings wat ons veronderstel is om te hê, het ons denominasionele herlewings. Ons het nog nie 'n ware beroering gehad nie. Nee, nee, nee. Nee, meneer. Moenie dink ons het herlewings nie. Ons het nie. O, hulle het miljoene en miljoene en miljoene kerklidmate, maar nie 'n herlewing nêrens nie. Nee. Nee.

183 Die—die Bruid het nog nie 'n herlewing gehad nie. Sien? Daar was nog geen herlewing daar nie, nog geen manifestasie van God om die Bruid te roer nie. Sien? Ons soek nou daarna. Dit sal daardie sewe onbekende Donderslae daar verg, om Haar weer

wakker te maak, sien. Ja. Hy sal dit stuur. Hy het dit belowe. Hou nou dop.

184 Nou, sy was—sy was dood. En nou as die kerke hulle geloofsbelydenisse sou vergeet, en hulle dogmas vergeet, en net die Bybel sal vat, die belofte sou bepleit, dan sou dit vir hulle 'n uitwerking hê. Maar, sien, Jesus het gesê: "Julle maak, met julle tradisies, die Woord van God sonder enige uitwerking vir julleself." Wel, dis vandag dieselfde ding met geestelike Eva, sien, die geestelike bruid van vandag, sogenaamd, die kerk. Sy neem die Woord van God, en sy wil Dit nie aanvaar nie. En sy aanvaar dogmas, in die plek daarvan. Daarom, het die Woord geen effek op haar nie, sien, want sy probeer haar geloofsbelydenis by die Woord invoeg, en dit sal nie werk nie. Nou, wat ons vandag nodig het. . .

185 Ek bly dit net lees hier, *Herald of His Coming*, oor die hoofopskrifte: "Ons het dit nodig dat 'n profeet terugkom! Ons het dit nodig dat 'n profeet terugkom!" En ek skat, as hy wel sou terugkom, sal hulle niks daarvan weet nie. Net. . .Dis reg. Dit was nog altyd so, julle sien. "Ons het dit nodig," alles waarvan jy praat: "ons het dit nodig dat 'n profeet terugkom, wat die Woord van die Here vreesloos sal bring. Ons glo die Bybel het dit belowe."

186 Nou, ek ken Broer—Broer Moore-hulle, geëet in sy huis, en alles, die redakteur. En hy's die beste man wat—wat in skoenleer loop, skat ek, een van die beste mense. Maar, sien, hy weet dat ons dit moet hê. En suster Moore, een van die beste vroue, klein. . . arme klein dingetjie, en hulle offer op.

187 En dis een van die beste koerante op die veld, na my mening, is *The Herald of His Coming*. Maar jy vind uit, hulle bly dit aanhoudend uitbasuin: "Ons het 'n profeet nodig! Ons het 'n profeet nodig!" Sien? Goeiste! Dis waaroor hulle praat.

188 En dan hier is ons, vandag, en soos gister en vandag, kondig oor die radio aan, dat. . .en die Baptiste kerke ensovoorts, dat: "Ons nie moet aansluit by die Katolieke nie, maar ons moet darem soort van gemeenskap hou saam met hulle." Sien?

189 En net hier, die Boodskap gaan net hier uit, om: "Weg te bly van daardie giftige ding af!" Sien? Sien? "Hoe kan twee saamloop, tensy hulle saamstem?" Lig en duisternis kan nie saam gemeenskap hou nie. Wanneer die Lig inkom, gaan duisternis uit. Sien? Dit kan nie. . .Die sterkste! Jy kan nie Lig uitskakel, met duisternis nie. Maar jy kan duisternis uitskakel met Lig. Dis reg. En Hy is die Lig, en Hy is die Woord. Sien? Nou, daar is dit, weer reguit terug. Jy kan Dit nie laat lieg of iets verkeerds doen nie. Dit kom weer reguit terug na die plek toe. Ja, meneer.

190 Net soos 'n kêrel wat begin, probeer redeneer met jou; as jy weet waar om te staan, weet wat hy glo.

191 Dis net soos om 'n haas te vat en hom in 'n hok los te laat, en jy het elke gat toegestop. Staan net by die hek; hy moet terugkom. Dis al. Jy het hom opgehok. Sien? Hy sal net weer reguit na die hek toe moet terugkom, want dis die enigste manier wat hy kan uitkom. Hy sal sy kop *hier* deursteek, en amper sy nek breek; en *soontoe* gaan, *soontoe* gaan. Staan en hou hom net dop, en hy sal weer reguit terugkom. Sien? Dis al.

192 Dis al wat jy moet doen. Bly by daardie Woord. Jy kan oral basuin, met jou geloofsbelydenisse, sal net oral jou nek breek, maar jy moet reguit terugkom na hierdie Woord toe. Sien? Ja, meneer. Dis alles Daarvan.

193 Nou, sien, hulle—hulle—hulle—hulle wil Dit nie hê nie. Hulle wil nie God se Woord hê nie. Omdat sy aan haar tradisies vasgehou het, het sy die Woord van God weerhou daarvan om enige effek te hê.

194 Dieselfde nou, oor geestelike Eva. Sy wil nie hê . . . Sy wil haar tradisies behou, en wegkom van die Woord van God af. Sy hou weer vas aan die denominasies, en hulle geloofsbelydenisse, en die tradisies van haar ouderlinge, in plaas van om die Woord van God te vat.

195 En wanneer die belofte van die Woord, in die laaste dae, na haar toe gebring word, wil sy Dit nie ontvang nie, as gevolg van, met haar tradisies, soos die Hebreeuse bruid gemaak het. Die ware Woord, alhoewel gemanifesteer, bewys, bevestig, Dit wil sy nie hê nie. Hoekom wil sy nie? Want daar is haar tipe. Sy kan dit nie doen nie. Dis reg. Sy kan haar tipe nie oorkom nie. Sien? En daar is voorspel dat sy dit sou doen, so hoe gaan jy van enigiets af wegbly?

196 Nou al wat jy moet doen, is om net bly te wees jy's in. Dis al. Wag daarop. Goed.

197 God het belowe, in die laaste dae, dat Hy Sy Woord aan haar sou manifesteer en bevestig, en sy wou dit steeds nie doen nie. Dit alles, het God haar belowe, deur Sy diensknegte, die profete. God het, deur Jesus Christus, belowe. God het belowe, deur Joël. God het belowe, deur Paulus. God het belowe, deur Maleági. Johannes . . . God het belowe, deur Johannes die openbaarder, al daardie profete, net presies wat die laaste Boodskap aan haar sou wees. Nou, as julle hulle wil neerskryf; natuurlik, ken julle hulle almal: Jesus, Johannes 14:12; en Joël, Joël 2:38; Paulus, Twee Timothéüs 3; Maleági, 4de hoofstuk; en Johannes die openbaarder, Openbaring 10, sewe-tien, een tot sewe-tien. Sien, presies wat nou sou plaasvind! En, vir die kerk, wat is Dit? Die geïnkarneerde Woord wat weer vlees gemaak word tussen Sy mense! Sien? En hulle glo Dit net nie.

198 Weet julle wat Jesus gesê het toe Hy gesien het Hy . . . toe Hy daardie wonderwerke voor hulle gedoen het, en bewys het dat Hy God was? Dit bewys het, wat Hy gedoen het. Hy was. Hy

het presies so gemaak. Hy—Hy het vir hulle gesê, Hy het gesê: "O, jy, Kapérnaüm, wat tot in die hemel verhoog is, as die werke gedoen . . . magtige werke in Sodom gedoen is, wat in jou gedoen is, sou dit vandag gestaan het." Dis reg. En in Kapérnaüm, het Hy nooit iets gedoen as maar net 'n paar mense te genees, en hulle die geheime van hulle harte te vertel, en uit te loop nie. Uh-huh. Dis al. Sien?

199 Hulle weet nie wat magtige werke is nie. Hulle dink dit moet 'n yslike groot program wees, waar almal opkom, en die regter 'n toespraak hou, en—en die orkeste speel, en die baniere wuif, en die—en die goedgeklede vroue, en hulle . . . en wat vertoef, en al die Ph.D, LL.D's, en die groot, lang hoede, en omgedraaide krae, en alles, hulle moet almal instap. "Dis iets groots."

God sê: "Dis dwaas."

200 En Hy bring 'n klein iets daar in, wat miskien skaars die verskil tussen ABC's ken, en doen iets wat die ware Kerk net aan die brand steek. En die res van hulle sê: "'n Klomp holy-rollers." God noem *Dit* "groot" en die wêreld noem Dit "dwaas." Die wêreld noem *dit* "groot" en God noem dit "dwaas." Sien, net omgekeerd. Sien? En die ding wat God belowe het, sal en het, God gedoen. Sien? Hier is ons.

201 Nou, sy bly steeds soos sy was, die Hebreeuse Eva. Sy wou dit net nie doen nie. Jy kon die dooies opwek; jy kon die Gees van God sien. Jesus het neergedaal, Homself bevestig as die Seun van God. Eers, het Hy begin preek. Wel, hulle het gedink: "Wel, soort van 'n snaakse soort Kêrel. Wie is Hy, in elk geval?" Wel, voor jy weet wat, begin mense sê . . .

202 Natuurlik, hulle het vantevore al gesê, toe Sy voorloper, Johannes, gekom het, het hulle gesê: "Is jy die Messias?"

203 Hy het gesê: "Nee. Maar Hy staan êrens tussen julle." Uh-huh. Sien? Waarom? Hy het geweet, toe sy boodskap gelewer is, wat hy moes doen. Hy het geweet wat hy gaan doen.

204 Net soos Noag vir Hénog bly dophou het. Toe Hénog gaan, het Noag gesê: "Beter begin naderstaan na die ark. Die tyd is op hande." Noag het Hénog bly dophou. Sien?

205 En Johannes was op die uitkyk na die teken waarvan Jesus hom gesê het, of God vir hom gesê het, om voor uit te kyk. Hy het gesê: "Hy staan nou net hier, êrens tussen julle. Ek ken Hom nie, maar ek sal Hom ken."

206 Hulle het daar gestaan, en sê: "Is jy nie die Messias nie?" Gesê: "Ons is van die hoofkwartier af gestuur." Uh-huh. Het gesê: "Die ouderlinge, en hulle, het ons hiernatoe gestuur. As jy die Messias is, waarom kom jy nie op soontoe en maak jouself daarbo bekend nie, nie hier in hierdie klomp goed hieronder nie! Behoort op te kom soontoe en uself bekend te maak."

207 Hy het gesê: "Ek is nie die Messias nie." Hy het gesê: "Ek is die stem van een wat roep in die woestyn."

208 Dit het so ver oor hulle koppe gegaan as wat dit kon gaan. Hulle het daar niks van geweet nie, sien, en tog het hulle almal daarna uitgesien dat hy moet kom. "Maar dit kon nie so 'n vent wees nie. O, goeiste, dit sou verskriklik wees!"

"Van watter skool af is jy?"

"Nie een nie."

"Het jy jou gemeenskapskaart?"

"Wat is dit?" Sien?

209 Hy was gesalf deur God. Hy het gesê: "Daar's een ding wat ek wel het. Die byl lê teen die wortel van die boom." Nou, dis al wat hy—dis al wat hy gehad het. Hy het in die terme van 'n woudsman gepraat, nie in die terme van 'n kerkman nie; adders, en byle, en bome, ensovoorts. Hy—hy het nie in kerklike terme gepraat nie.

210 Maar Jesus het gesê daar was nooit 'n profeet soos hy gewees nie. "Nooit 'n man uit 'n vrou gebore, soos hy, tot op sy dag nie." Dis reg. "Hy was meer as 'n profeet." Hy was die boodskapper van die Verbond, het reg tussen die—die twee bedelings gestaan, wat inkom. Sien? "Meer as 'n profeet."

211 En so, toe—toe het hulle hom nie geken nie. Hulle het hom nie verstaan nie. Hy was soort van 'n snaakse soort kêrel, so hulle het hom geïgnoreer, sien.

212 Toe, toe Jesus gekom het, toe, en sou Hom beslis nie aanvaar het, hierdie skrynwerker se Seun nie, daar was nie enige so-iets, met 'n swart naam agter Hom, van "buite-egtelik" nie. En, Hy, hulle sou nie so 'n Kêrel raaksien nie.

213 Maar, maar kyk wat het God gedoen. Hy het die ongeletterde, arm, vissermanne, woudsmense, boere, en hoere gevat, en die hoogwaardiges daar laat sit. Waarom? Wat? Waarom het Hy dit gedoen? Waarom het Hy so-iets gedoen? Kan jy jou voorstel? Omdat daardie mense Hom herken het as die Woord. Nou laat ons net 'n oomblik net na hulle kyk.

214 Hier is 'n ou onkundige visserman, wat nie sy naam kan skryf nie. Die Bybel het gesê hy was "onkundig en ongeletterd." Hy bring sy vis nader en sit dit neer. Gaan soontoe en kyk waaroor al hierdie lawaai gaan. Maar daar diep binne-in hom, het hy geweet dat die Bybel gesê het dat die Messias . . . Alle Hebreërs het na die Messias gesoek, want daar sou 'n Skriftuurlike ding gebeur as Hy kom.

215 Daar was al 'n hele klomp messiasse gewees, wat opgestaan en gesê het: "Ek is Hy," en hulle weggelei het, by die honderde, en—en tot niet is en alles. Maar, sien, dit was om die regte Een omver te gooi wanneer Dit kom.

216 Ons het al Elía se mantels en jasse, en elke ander ding gehad, maar dit—dis—dis—dis net om die regte ding te verbloem as hy wel kom. Sien? Dis reg. Allerhande mense wat al die klede en die klere gedra het, en in allerhande soorte omgekeerde hoede begrawe was, en wat nog. Dit doen nie . . . Dit—dit bevestig maar net. Soos 'n vals dollar, wys daar is êrens 'n goeie een, as jy dit net kan kry. Sien?

217 So hier het Hy gekom. Nou het hierdie hoogwaardiges uitgekom, en hulle was so oor hulle plaasvervanger! "Wel," het hulle gesê: "nou, as die Messias kom, sal Hy tog sekerlik na Kájafas toe kom. Hy sal na ons denominasie toe kom. Hy sal na die Fariseërs toe kom." Die Sadduseërs: "Dis wat julle dink! Hy sal na die Sadduseërs toe kom." En daar was hulle, sien, dieselfde ding wat hulle vandag het, nou.

218 Maar toe Hy gekom het, was dit vreemd. Hy sal kom, o, baie teenstrydig met wat hulle gedink het, maar Hy kom volgens die Woord. En hulle het nie die Woord geken nie.

219 Laat ek dit sê, werklik, sodat julle sal . . . dit diep sal insink. Ek wil hê hierdie moet dit begryp. Dis wat vandag die probleem is met julle, sien, julle ken nie die Woord nie! Sien?

220 Jesus het gesê: "Julle kan die aangesig van die hemelruim onderskei, maar die tekens van die tyd kan julle nie onderskei nie."

Het gesê: "Ons het vir Moses."

221 So, het gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het." Het Moses nie geken nie, en het daarom nie geweet nie. Hulle ken net 'n geloofsbelydenis wat hulle uitgebroei het.

222 Nou kom ons vat hierdie ou visserman. Sit sy mandjie neer. Druk sy grys baard af, en loop af soontoe: "Ek dink ek sal gaan kyk Wie dit is."

223 Broer het gesê: "Komaan. Laat ons hier afgaan." Het gesê: "Dis daardie selfde Kêrel. Dis daardie Kêrel wat hulle nou die dag gesê het . . . Ek het laasnag die hele nag by Hom gebly. Jy weet Johannes, van wie ek gepraat het met jou?"

224 "Ja, daardie wilde man daaronder! Ja, ek het van hom gehoor." "Wel," ou Simon, julle weet, het gesê: "ek het daaronder van hom gehoor. Ja, was daaronder gewees, twee of drie maande gelede, daaronder. Jip."

225 "Wel, hy het gesê . . . En eendag terwyl hy daar gestaan het, het hy 'n snaakse ding gesê. Hy het gesê: 'Weet julle, hier kom Hy nou net!' Hulle het gesê: 'Hoe weet jy?' Het daar na oorkant toe gekyk; net 'n gewone Kêrel wat daar staan. Hy het gesê: 'Ek het die Gees van God sien neerdaal, soos 'n duif. Ek hoor 'n Stem sê: "Dit is Hy. Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon."' Toe het hy reg in die water ingeloop en Hom gedoop, ensovoorts. Wel, daar, hy het gesê hy ken Hom."

226 "O, ek weet nie," het Simon gesê. "Ek het dit alles al baiekeer gehoor." Maar hier kom hy nader. Maar diep in sy hart, was 'n voorbestemde saad. Sien? Jesus het so gesê. Reg. Loop nader na Hom. Loop nader. Het gesê: "Ek sal na die byeenkoms toe gaan en gaan kyk." Loop daar nader.

227 Jesus het daar gestaan, net 'n gewone klein Kêreltjie. Het nadergeloop. Hy het gesê: "Wel, jou naam is Simon. En jou vader se naam was Jona." Dit het hom afgeblaas. Waarom? Het daardie Ewige Lewe saadjie daarbinne getref. Ja, meneer.

228 Het gesê: "Wag 'n oomblik! Hoe werk dit? U het my dan nog nooit gesien nie. Nog minder het U my pa geken, want hy is al jare dood. Maar hier kom U, en vertel my dit? Nou, ek weet dat die Bybel sê . . . " Nou, dis nie teruggaan na wat die ouderling sê nie. "Maar die Bybel het gesê dat die Messias 'n Profeet sou wees. Daar is Hy. Dis Hy."

229 Eendag het Hy deur Samaría gereis, daar deurgegaan saam met 'n klomp Jode. Hy het hulle verlaat. En hierdie klein, ontugtige vroutjie, het uitgekom, dalk 'n mooi dametjie, julle weet. En sy is op straat uitgesit, as 'n kind. En sy het daar deurgegaan. Miskien het sy aan iets gedink. Sy het daarheen geloop en die emmer neergesit. En sy het die slinger begin neerlaat, julle weet, om die water te kry. En sy het 'n Man hoor sê: "Bring vir My iets om te drink." Sy het omgekyk, en daar het soort van 'n middeljarige Jood gesit.

230 Sy het gesê: "Sê, is U nie 'n Jood nie? U behoort dit nie te doen nie. Dis nie gebruiklik vir U om met my te praat nie. Ek's 'n Samaritaan."

231 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy bring . . . sou jy My vra om vir jou water te gee om te drink."

232 Het gesê: "Waar is U emmer?" Sien? "Waar is U tou?"

"Wel," Hy het gesê: "die water wat Ek gee, is Lewe."

233 "Die wat?" Sien? "Wel," het sy gesê: "wel, julle almal wil in Jerusalem aanbid. En ons vaders het aanbid . . . "

234 "O," Hy het gesê: "dis reg, maar," gesê: "ons Jode weet wat ons aanbid. Maar," gesê: "jy weet, die tyd kom, wanneer—wanneer mense nie in Jerusalem of in hierdie berg sal aanbid nie." Hy het gesê: "Hulle—hulle sal God aanbid in die Gees, want Hy is 'n Gees, Gees en Waarheid." Wel, sy het begin leer, julle weet.

En Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "My man? Ek het nie 'n man nie."

235 "Wel," het gesê: "dis die waarheid." Het gesê, gesê: "Jy het rondgeloop met vyf, en het nou die sesde een." En gesê: "Jy het vyf gehad. En—en, jy, jy weet. Jy het die waarheid gepraat."

236 Kyk! Wat was dit? Daardie Lig het daardie saad getref. Dit het daar gelê, wat deur God gespreek was. Ja, meneer.

237 Die saad was op die aarde. Toe God die water weggeskuif het, en die son dit getref het, het dit opgekom. Dis reg. Sien? Dis al wat dit nodig gehad het, was son. Het net lig nodig gehad. Ja, meneer.

238 En toe, toe die Heilige Gees, in Hom, haar vroeëre lewe weggeskuif het, en dit vir haar gewys het, het daardie Lig dit getref. Sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n Profeet is." Sy het gesê: "Nou, ons weet, ek weet dit, dat wanneer Messias kom, is dit wat Hy gaan wees. En ons het in honderde jare nie 'n profeet gehad nie. Ons het nog vir honderde jare, nooit 'n ware profeet gehad nie." En sy het gesê: "Hoe sê U my dan van my man, en vertel vir my hoeveel ek gehad het, ensovoorts. Wel," gesê: "ek verstaan dit nie." Het gesê: "Wanneer die Messias kom, wel, gaan Hy dit doen. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Dit was dit. Sien? 'n Hoer!

239 En die priesters het rondgekyk en gesê . . . Wel, hulle moet verantwoording doen aan hulle gemeente. Het gesê: "Moenie met daardie Kêrel deurmekaar raak nie. Hy's—Hy's van 'n duiwel besete. Dis al." Nou, dis die verskil. Dis dieselfde ding vandag. Sien? Selfde ding vandag, tref net presies. Ja. Ja, meneer.

240 Sy, sy het dit geweet, want die Lig het Dit getref. Hulle si- . . . Daardie vissermanne, woudsmanne, boere, belastinggaarders, hoere, hulle het in Hom gesien wat die eenvoudige Skrifte gesê het Hy sou doen. En die Fariseërs kon nie sien nie, vanweë hulle tradisie. [Broer Branham stop 'n oomblik en maak een of ander gebaar. Gemeente antwoord bevestigend—Red.] Hulle kon nie sien nie, vanweë hulle tradisies. Maar die prostituut, die boere, en hulle almal, hulle het Dit gesien, almal wat voorbestem was. Toe die twyfel weggerol het, het die saad begin groei. Dis reg.

241 Wat het sy gedoen? Sy het gesê: "Wel, ek is bly ek het die Messias ontmoet"? O, nee, broer. Sy het reguit in die stad ingegaan. Sy het van die water vergeet. Sy het gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my vertel het van die dinge wat ek gedoen het. Is hierdie nie die einste ding wat die Skrif sê die Messias sou kom doen nie? Is dit nie presies dit nie?" En die mense kon daardie selfde ding sien.

242 Soos Jesus Christus gesê het, in Johannes 14:12, dit sou weer gebeur. Hy het dit in Lukas ook gesê, toe Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van Noag." Hoe God Homself in 'n Mens gemanifesteer het, en vertel het wie agter Hom was; en wat Sara gedoen het, in die tent gelag het. En al hierdie Skrifte, van Maleági, ensovoorts, het in die laaste dae voorspel. Hebreërs 4 het gesê, wanneer "die Woord" terugkom. Maleági 4 het gesê Dit

sal terugkeer deur 'n mens. Die Hebreërs 4 het gesê: "Die Woord van God onderskei die gedagtes wat in die hart is."

243 En hulle kan dit gedoen sien word, en loop net weg daarvan af. Hulle tradisies verberg dit, en maak dit oneffektief. Wel, ons is net hier. Dis al. Uh-huh.

244 Julle weet, Hy sou vandag dieselfde ding kon doen. Hy sou net op die toneel kon verskyn en dieselfde dinge tot stand bring wat Hy toe gedoen het, soos Hy gesê het Hy sou. Sien? Hy het belowe om dit te doen. Hy het belowe om dit te doen. En as Hy dieselfde ding sou doen, is die Laodicése boodskapper veronderstel om dit te doen.

245 En dan, as die Laodicése kerk dit gedoen sien word, sal hulle net presies dieselfde doen as wat die Hebreeuse kerk in die begin gedoen het. Um-hum. Maak nie saak hoe goed bevestig Dit is nie, o, hulle sal dit in elk geval doen. O, goeiste!

246 Nou, Dit sê dat hulle sal. Ons sou terugkeer na die oorspronklike Woord toe, en gemanifesteer word soos belowe, om die Geloof weer terug te herstel, weer die oorspronklike Geloof. En as Hy Homself bekendgemaak het, dat Hy tussen Sy mense woon, deur hierdie dinge te doen; kon Hy selfs Sy foto laat neem, dit wetenskaplik bewys. En steeds glo hulle dit nie. En bewys, die meganiese oog van die kamera Hom laat vang wat daar staan, daardie selfde Vuurkolom, selfde gister, vandag, en vir altyd, Hebreërs 13:8, om te toon dat dit—dis wetenskaplik, en elke ander manier, wetenskaplik in die geestelike sfere. Op elke manier wat dit—dit bevestig kon word, is dit bevestig.

247 En, julle weet, hulle sou waarskynlik dieselfde ding doen. Hulle sou waarskynlik net eenvoudig weggestap en dieselfde ding gedoen het as wat húlle gedoen het.

248 O, God help ons! O! Ons sal net hier ophou. Maar, God help ons, om nou te sien, is my gebed, soos ons nou nader. Want, ek wil julle nie te laat hou nie. God help ons om te sien. Ek glo miskien, met die Gees op ons, sal dit nou net wees dat Hy ons sal help om te openbaar, hierdie Seël oop te maak.

249 Kom ons lees. Soos ons die toestand sien waarin die kerk is, ons sien waar dit was, het gesien wat hulle gedoen het, het gesien waar dit veronderstel was om te kom, dit daar sien, en sien wat hulle veronderstel was om te doen. Hulle het presies dit gedoen. Nou sien julle waarby ons is? Oordeel julle maar self. Ek kan nie oordeel nie. Ek is net daarvoor verantwoordelik om hierdie Woord te bring. Net soos Dit vir my gegee is, kan ek Dit gee. Voor Dit vir my gegee is, kan ek Dit nie gee nie; niemand anders kan nie.

> *En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk. En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop* gesit het, *het 'n skaal in sy hand.*

En ek het die *stem tussen die vier lewende wesens hoor* sê, *'n Rantsoen koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning;* maar *moenie die olie en . . . wyn beskadig nie.*

250 Nou, die Lam het die Boek in Sy hand, besig om die Seëls te breek. Hy het die eerste een gebreek, tweede een, en nou breek Hy die derde een. En soos Hy dit breek, die Lam dit breek, die Derde Seël, het die derde Lewende Wese . . .

251 Nou hoeveel weet waarna die derde Lewende Wese gelyk het? Het soos 'n man gelyk. Die eerste een het soos 'n leeu gelyk; die ander een het soos 'n kalf, of 'n os, gelyk; en die derde een het soos 'n man gelyk, dit was 'n man. En hy het die—die lewende Wese, die—die Dier gehoor. Lewende Wese, soos 'n man, het vir Johannes gesê: "Kom, kyk wat Dit is, hierdie verborgenheid wat bedek was." Deur al die jare van verlossing heen, vanaf die grondlegging van die wêreld, was Dit onder hierdie Seël verberg, wat gaan gebeur. Nou: "Kom, kyk wat Dit is."

252 En so Hy maak Dit toe oop. 'n Donderslag klink op, en die Lam maak die Seëls oop.

253 Nou, en Johannes het nadergeloop, om te sien wat Dit sou wees. Wat het hy gesien? Hy het 'n swart perd gesien. En sy ruiter het 'n balans, of skale, in sy hand gehad. Nou, dis die eerste ding wat hy gesien het. Toe die Lam Dit aangekondig het, die Seël gebreek het, toe het die ander Lewende Wese . . . Sien, daardie Lewende Wesens maak beurte, om aan te kondig: "Kom, kyk." En Johannes, waar hy gestaan het, miskien *so*, loop hy hiernatoe, wanneer die Lam oopgemaak het, en loop soontoe. Gewoonlik . . .

254 Die donder slaan, soos ons met die Eerste Seël gesien het. En hy kyk om te sien wat gebeur. En hy sien, eerste, 'n man aankom, op 'n wit perd. Hy kyk hoe hy afgery kom. En voort daar deur, Johannes sien hom reg tot aan die einde. Hy sien hom daar afkom, sy wit perd, het 'n boog in sy hand, en die—die ruiter het, en hy het geen pyle daarby nie. En die volgende ding wat hy sien, kry hy 'n kroon, ry regdeur voort.

255 Dan vind ons uit, dan, hier kom die Lam weer, Hy maak nog een oop. En kyk. Nou hier kom 'n—'n vuurrooi perd. Hierdie man het 'n swaard in sy hand. Hy ry reguit voort deur die Skrif, sien, met hierdie swaard in sy hand, en sou doodmaak en vrede van die aarde af wegneem.

256 Nou maak die Lam nog 'n Seël oop. Nog een van die Lewende Wesens, soos 'n man, het gesê: "Kom, kyk." Nou loop hy nader, kyk wat dit is. En toe hy dit doen, kom daar 'n ruiter op 'n swart perd.

257 Nou, gisteraand, het ons uitgevind dat dieselfde ruiter wat die wit perd gery het, dieselfde een was op die rooie.

258 En die Stem het gesê, tussen die Lewende Wesens, uitgeroep, julle sien. Daar, het kom kyk wat dit is: Hy was in hierdie lewende Wesens. En hy het hierdie swart perd gesien.

> *En* toe . . . die *stem tussen die vier lewende wesens* het uitgeroep, *'n rantsoen koring vir 'n penning, en—en drie rantsoene gars vir 'n penning;* maar *moenie die—die olie en die wyn beskadig nie.* (Sien?)

259 Hierdie ruiter, laat ons hom bespreek. As julle die eerste ruiter sal oplet, wie hy was. En ons het uitgevind, gisteraand, Skriftuurlik, dat die tweede ruiter presies dieselfde man was, hy was net op 'n ander perd. Wat het gebeur? Hy het sy bediening verander. Sien? Reg. Ons het uitgevind hy was 'n antichris, en hy het sy posisie verander.

260 Ons het uitgevind dat toe hy, eers, net 'n wit perd was, het hy 'n leerstelling geword. Nou, ons het elkeen van hierdie ver teruggevat in die Skrif. Sien?

261 Nou, let op waarby ons vanaand is, nou daardie ander kerkeeu. Sien? Ons kom nou nader aan die derde kerkeeu. Sien? Net presies by die derde kerkeeu, is net presies soos die derde perd. Sien?

262 Nou, die eerste kerkeeu, wat was dit? Die Nikolaïete het 'n leerstelling gehad, sien, net die eerste een. Goed. En toe, voor ons weet waar ons is, is hierdie Nikolaïetiese leer, dis bekragtig en het reguit, tot aksie oorgegaan. En hulle het hierdie kêrel gekroon. Toe, het hierdie gees, antichris, beliggaam geraak in 'n man. Sien? En ons vind later uit, hy word 'n beliggaamde duiwel ook; die demoon gaan weg, en die duiwel kom in.

263 En net soos daardie kerk, wat daardie soort is, die antichris kerk, vorder; so het die Bruid aangekom met verskillende dinge: deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, en reguit voortbeweeg, sien, net so. Net, hulle het hulle herlewing eerste geneem, en die Kerk neem dit laaste. Hulle eerste drie jare . . . eerste drie stadia van hulle wat deur die donkereeu gegaan het; toe die derde, drie stadia, kom die Kerk uit; van regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, in die geïnkarneerde God, gemanifesteer tussen ons. Hier kom hy in, as die antichris, as die valse profeet, dan die dier, dan in die donkereeu. En die Kerk kom uit daardie donkereeu uit; regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, geïnkarneerde Woord, soos nou. En hy gaan af. Uh-huh. Sien julle dit? Hy gaan af. Die Kerk gaan op. Sien? Dis net so volmaak as wat dit kan wees. O, dis pragtig. Ek hou so daarvan.

264 Hierdie ruiter is dieselfde een, maar 'n ander stadium van sy bediening.

265 Die eerste stadium, 'n wit perd, sien, was hy net 'n leraar, net 'n antichris leraar. Hy was teen die Woord van God.

266 En nou hoe kan jy 'n antichris wees? Enigeen wat ontken dat elke Woord hiervan nie waar is nie, en om dit so te laat onderrig, is 'n antichris, want hulle ontken die—die—die—die—die Woord. En Hy is die Woord.

267 Nou, eerste stadium, wit perd, was hy net 'n leraar, maar met 'n antichris gees in sy leerstelling en sy aard. Dit was onskuldig. Dit kon niks seermaak nie, so het dit gelyk; gaan net voort. Dis hoe Satan inkom. O, hy's 'n gladde voël.

268 Hy het vir Eva vertel, gesê: "Nou, jy weet jy soek na wysheid. Jy weet nie wat reg en verkeerd is nie." Het gesê: "Nou, as jou oë geopen word, sou jy weet wat." En het gesê: "Die vrugte is baie lekker. Dis heerlik. Dit—dit val lekker op die oog. Jy behoort dit nou te vat. Jy weet nie of dit is, of nie, of hoe?"

"Nee, ek weet nie. Maar God het gesê om dit nie te doen nie."

"Maar, o, wel, ek weet, maar . . . "

"God het gesê Hy . . . ons sou sterf."

269 Hy het gesê: "Hy sal dit tog seker nie doen nie." Sien, net so soet soos dit kan wees. Kyk wat het dit gedoen.

270 Kyk hoe hierdie antichris gees onder die vroeë kerk, 'n leerstelling van die Nikolaïete laat opstaan. *Nikao*: "oorwin" die lekedom, maak 'n heilige man. O, dis net so onsk- . . . "Wel, ons wil net gemeenskap hê. Kyk, julle is hier verspreid; niemand weet waar niemand is nie. Ek dink ons almal behoort 'n organisasie te hê, en net anders te wees. Sien, ons gaan, onsself saamvoeg. Ons behoort 'n losie daarvan te maak." En dis wat dit is. Daar is nie so-iets soos die Christelike Kerk van die Metodiste nie. Dis nie 'n Kerk nie; dis 'n losie. Baptiste, dis nie 'n Kerk nie; dis 'n losie.

271 Daar is net een Kerk, en dis die mistieke Liggaam van Jesus Christus. En jy word Daarin gebore, dis reg, deur voorbestemming. Dis reg. "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom. Niemand kan kom tensy die Vader hom geroep het nie. En almal wat Hy My gegee het, sal na My toe kom." So, dit, dis dit. Hy net . . .

272 Die Lam sit daar, doen—doen bemiddeling, tot die laaste een inkom. Die klokkie lui, en dan stap Hy uit en neem besit van Sy eiendom, sien, dis al; bring Sy Kerk, Sy onderdane, Huistoe. En werp Sy vyand in die Poel van Vuur, en al sy onderdane gaan saam met hom daarin, en dit is dit. Dan stap ons uit in die Millennium.

273 Selfde ruiter, nou. Hierdie eerste stadium, was hy onskuldig. En tweede, nou, as jy 'n bietjie hoër gegaan het, 'n bietjie meer as dit; die tweede stadium, het die Bybel gesê, sal hy "'n kroon gegee word." En hulle het 'n man gekroon, 'n superman. Sien, het hom gekroon! En, toe, het die Bybel hom nie 'n pous genoem nie. Die Bybel het hom "'n valse profeet" genoem. Waarom? Ja. Natuurlik, hy moet 'n valse profeet wees, deur sy antichris gees,

wat antichris teen die oorspronklike Woord geleer het. Want, as hy teen die oorspronklike Woord geleer het, was dit antichris. Dit was. En die Woord is God, sien, Christus. Goed. Nou, daarna, kry ons hom dan gekroon. En toe hy gekroon word, nou, is hy baie onskuldig en hulpeloos. Hy's net 'n klein kêreltjie.

274 Maar toe is hy dit gemaak, in die Nicaea Raad, en Konstantyn het vir hom al die eiendom gegee. En wat het hy toe gedoen? Toe gee hy, sien, Satan, vir hom sy troon en gesag. Die Bybel het so gesê, volgens wat ons deurgegaan het.

275 Nou, die volgende ding wat ons uitvind, dat die duiwel alle politiek beheer, wat al ooit was of ooit sal wees. Ons vind dit in Matthéüs 4:11. En nou dan vind ons uit, dat Satan alreeds politiek gehad het.

276 Maar hy probeer die Kerk kry, so hy gaan soontoe om Dit te mislei. Hy kry sy superman, werk hom in 'n organisasie in, en kroon hom "vikaris," sien, 'n christus. Christus het in plaas van God opgetree. Sien, hierdie kêrel is 'n vikaris, in die plek van God. Sien? Net dieselfde: "in plaas van God," wat hy veronderstel is om te wees, 'n vikaris onder Christus.

277 Nou, nou, toe hy dit gedoen het, toe wat het hy toe gedoen? Hy, Satan, het sy politieke mag geneem, waaroor hy alreeds beskik het, en het die godsdienstige mag geneem, waartoe hy alreeds gekroon was, en het die twee saamgevoeg.

278 En toe het hy vir hom nog 'n kroon gemaak oor die hel. En hulle wat al heengegaan het, as hulle genoeg geld betaal het, sou hy hulle daar uitkry. Sien? So nou is hy—is hy vikaris oor die Hemel, oor die vagevuur, soos hy dit wil noem. Glad nie so-iets in die Bybel nie, maar hy moes iets maak. Die Bybel het gesê dit het uit die bodemlose put gekom, en gaan dieselfde pad terug. En, op die aarde, 'n heerser!

279 Nou wat is hy toe gegee? Eers, het hy 'n boog gehad, maar hy het nie enige pyl gehad nie. Maar nou het hy 'n magtige swaard in sy hand. Hy kan nou iets doen. Dan spring hy van sy wit perd af; die wit perd ry voort daaruit. Nou ry hy op wat? 'n Rooi perd, bloed, bloedrooi perd. Hy ry regtig op daardie een. O, beslis. Nou word hy groot mag gegee en 'n groot swaard, om dood te maak, toe ry hy sy bloedrooi perd.

280 Ons sien, uit die Tweede Seël, wat gisteraand gebreek is, hy het vrede uit die aarde weggeneem en het mekaar doodgemaak. En sy eie martelaarsboek, van die Rooms Katolieke kerk, vertel dat hulle agt-en-sestigmiljoen Protestante doodgemaak het, vanaf die tyd van Sint Hippo van . . . na Sint Augustinus van Hippo, tot vyftienhonderd iets-in-die-tagtig. "Agt-en-sestigmiljoen." Schmucker se *Great Reform*, as julle dit wil lees: *Glorious Reform*, liewer, sien. Nou, agt-en-sestigmiljoen op die martelaarsboek aangeteken! Toe een van hulle sogenaamde heiliges die openbaring ontvang het dat enigiemand, wat van die

Roomse kerk verskil, as 'n ketter moet sterf, wat hulle toe net laat omkeer het. Man, het hy nou die bloed laat vloei! Hy—hy het op sy wit per-. . . op sy rooi perd gespring en begin ry. O!

281 Nou kom sy groot mag. Hy is vikaris van die Hemel gemaak, en is as God aanbid. Heerser van die aarde, deur die kerk en staat te verenig, het hom heerser op aarde gemaak; het hom boonop 'n kroon gegee. Hy kon die siele uit die vagevuur uit bid. Hy kon oor voorspr-. . . Hy was net soos God, op aarde, in die plek van God. Altesaam, het hy groot mag gehad om, wie ook al nie met sy bevel saamgestem het nie, dood te maak. Wie gaan enigiets vir hom sê? Die kerk kan niks sê nie; hy's hoof daarvan. Staat kan niks sê nie; hy's hoof daarvan. So, hulle het by die miljoene gesterf. Al daardie klein kerkies, broer, is opgebreek, en doodgemaak en vermoor, en vir leeus gevoer, en wat nog. Sien? "Die draak," Rome: "het vir hom sy troon en gesag gegee." Die Bybel het so gesê. Sien? So hy het sy getipeerde, rooi perd gery, deur mensebloed, tot dit 'n rooi perd geword het.

282 Nou sien Johannes hom op 'n swart perd. Hy het verander, iets anders.

283 Nou moet ek dit—dit sê net soos dit na my toe gekom het. En dan, en as dit na my toe gekom het en nie vergelyk met die res van die Skrifte nie, dan het God dit nooit gegee nie. Sien, die Skrifte moet, elkeen, dis net so 'n yslike groot—groot ding. Skrif moet met Skrif ooreenstem. En enigiets wat teenstrydig is met die Skrif. . . As daardie Engel van die Here my enigiets vertel het wat nie Skriftuurlik was nie, sou ek Hom nie glo nie. Sien?

284 Ek het gesê, nou die dag daar in Chicago, toe al daardie honderde predikante. . . Was enigiemand daar by daardie byeenkoms? Seker. Daardie byeenkoms in Chicago, ek het gesê: "Nou, julle praat almal oor julle het. . . Julle het gedink julle het my hierin gedruk, oor iets." Omtrent soos nou in hierdie kamer. Ek het gesê: "Wat is dit? Julle het dit teen my." Ek het gesê: "Die Heilige Gees het vir my, drie aande gelede, gewys waar elkeen van julle sou wees. En ons sou nie wees in daardie. . . Vra vir Carl hier of dit nie reg is nie."

285 En Hank en hulle almal was daar: "Dis reg." Julle was almal daar om te hoor.

286 Ek het gesê: "Nou julle het dit teen my, oor my Lering. Dis wat die probleem is. Nou ek wil hê een van julle moet hiernatoe kom, en jou Bybel kry en langs my kom staan, en Dit verkeerd bewys." Dit was die stilste klomp wat jy nog ooit gehoor het. Ek het gesê: "Wat is julle probleem?" Ek het gesê: "As julle dan weet julle kan nie teen die Woord opstaan nie, klim dan van my rug af. Julle Doktore van Godsgeleerdheid en alles, en wat praat van hoe, julleself voorstel as 'Doktor,' 'Doktor,' 'Doktor.' En ek is 'n. . . " (O, ek en Broer Wood sê "cheechaker" of "groentjie.") "Ek het geen geleerdheid nie, het nooit deur enige kweekskool

of skool gekom nie. Maar kry jou Bybel en kom staan hier langs my, bewys die slang se saad, die doop in Jesus' Naam, of enige van daardie dinge wat ek leer, verkeerd." Niemand het 'n woord gesê nie. Dit weet julle almal. Dit was die stilste klomp wat jy nog ooit gesien het.

287 Sien, hulle kraai net soos ek weet nie wat nie. Nou, nou hier is dit. Ek glo nie daarin om met mense te stry nie, maar wanneer dit by 'n punt kom waar hulle jou daarin probeer intrek. En ek sou nie gegaan het nie, maar die Heilige Gees het vir my gesê, gesê: "Gaan soontoe. Ek sal by jou staan."

288 Het hulle drie of vier dae voor die tyd vertel. Julle almal was daar en het vir Mnr. Carlson en hulle gehoor, en—en Tommy Hicks. En hulle almal het daar gesit. En ek het, drie dae voor dit, gegaan en ek het gesê: "Julle sal daardie plek moet kanselleer."

289 Dit was 'n stormagtige aand. Ek het 'n diens gehou. Hy het gesê: "Gaan, staan by daardie venster, daar by daardie derde deurtjie." En ek het soontoe gegaan en net daar gestaan. Ek het so uitgekyk.

290 Hy het gesê: "Hulle het vir jou 'n strik gestel. Hulle gaan jou vra om by daardie Predikers Vereniging van Groter Chicago te praat." Gesê: "Hulle het 'n strik vir jou gestel, oor jou lering van My Woord."

291 Hy het gesê: "Nou, hulle gaan daardie plek daar kanselleer. Hulle gaan dit nie kry nie. En hulle gaan by 'n plek uitkom, waar dit bruin is." Het gesê: "So lyk dit." Ek het gaan staan, en ek het myself in 'n hoek gesien; het daar teruggekyk en gesien. Ek het hulle almal daar gesien. Ek het al daardie predikers daar sien sit, soos hulle het. Ek het hulle almal deurgekyk. En Hy het gesê . . .

292 "O," ek het gedink: "ek moet dan liewer nie soontoe gaan, Here, as hulle dit gaan doen nie. Ek wil nie hulle gevoelens seermaak of enigiets verkeerds doen nie."

Hy het gesê: "Gaan. Ek sal by jou staan." Hy het. Dis reg.

293 Nou, julle almal, daar is getuies net hier, wat net daar gesit het en weet dis waar. Dis reg. Wel, julle het die bande ook hier. Maar, daar is dit, julle sien.

294 Nou, nou hier is die verborgenheid hiervan. En nou, Dit, toe Dit vroeg vanoggend aan my geopenbaar het, voor daglig. Toe het ek gou na die Skrif toe gegaan en begin kyk, dit opgesoek. Daar was dit. Drie van hulle, sover, is absoluut, bonatuurlik geopenbaar. Ja. Nou hier is die verborgenheid van die swart perd, volgens wat dit aan my geopenbaar is.

295 Hy het hom begin ry in die tyd van die donker eeue. Dis wat die donker perd voorgestel het, die donker eeue, want dit was 'n tyd van middernag vir die ware gelowiges wat oor was. Kyk nou in daardie kerkeeu, daardie middelste kerkeeu, die donker kerkeeu. Kyk hoe Hy sê: "Julle het net 'n bietjie krag."

Dit was 'n middernag vir hulle, vir die ware gelowige. Nou kyk. Feitlik alle hoop is van die ware Kerk weggeneem, want hierdie kêrel het beide kerk en staat beheer. Wat kon hulle doen? Sien, Katolisisme het beide kerk en staat oorgeneem. En almal, wat nie met Katolisisme saamgestem het nie, is doodgemaak. Dis waarom hy op 'n swart perd was. En kyk watter donker ding het hy gedoen, sien, dan kan julle sien. En julle net . . . As jy jou geskiedenis ken, kyk daarna, dan sal jy . . . Wel, jy sal dit nie eens hoef te ken, om—om Dit te weet nie. Nou kyk. Alle hoop was verlore. Dis sy swart perd.

Nou, hy het ingery op sy wit perd, listig.

296 Toe is hy mag gegee; hy het vrede gevat, die miljoene omgebring. Dis wat hy sou doen soos hy voortgery het. En hy doen dit steeds. Sien?

297 Nou, hier is hy nou op sy swart perd, kom na vore. Donker eeu, dit was daardie tyd. Net omtrent die tyd nadat die kerk tot stand gekom het, en mag verkry het, het hulle alles anders uitgedoof. En het voortgegaan, omtrent, honderde en honderde en honderde jare, is wat elke leser as die donker eeue ken. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, die donker eeue. Daar is jou donker perd, wat daardie donker eeu voorstel. Nou, alle hoop is weg; geen hoop hoegenaamd nie. Alles het donker gelyk, vir die paar gelowiges. Nou, dis waarom dit genoem, voorgestel is, die donker perd.

298 "Sy balanse, of sy skale, in sy hand," sien julle. Roep uit: "Rantsoen koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning." Sien, eintlik, is dit, koring en gars is natuurlike lewensmiddele. Dis waarvan brood en goed gemaak word. Maar, sien julle, hy het hiervoor laat betaal. Wat dit beteken het, dat, hy het sy onderdane laat betaal vir die soort hoop op lewe wat hy aan hulle voorgehou het, deur te maak . . . Hy het in daardie einste tyd begin, om hulle te laat betaal vir gebede, geld te vra vir gebede. Hulle doen dit nogsteeds; novene.

299 Want, wat het hy gedoen? Die rykdom van die wêreld opgevang. Die skaal, wat uitweeg: "Rantsoen koring vir 'n penning; drie rantsoene gars vir 'n penning." Die ruiter op 'n swart perd, sien, hy het gemaak . . . sy onderdane van hulle geld gestroop. Wanneer, die Bybel voorspel dat hy, omtrent, die rykdom van die wêreld hou. Soos ons gisteraand gesê het oor Rusland, en dit alles, hulle vat net al die geld en stroop net die mense van alles wat hulle het, alles. So, daar het jy dit.

300 Nou let op. Sien julle waar daardie ou geldvattery, in die kerk, vandaan kom? Laat staan die tipe goed; om 'n organisasie, 'n groot iets, miljoen-dollar, hier te bou. En—en sien julle wat is die moeder daarvan?

301 Dank U, Here. O, goeiste! Ek is so bly. Ja, meneer. Goed. Dit was Sy genade. Dis al. Goed. Goed.

302 Dit was 'n middernagtydperk. Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En hier laat hy betaal vir die soort van lewe, dis sy gars en goed, natuurlik gesproke; was nou nie geestelik gewees nie. Dit was gars, sien, so, en garsbrood en koringbrood. Hy het laat betaal vir daardie soort lewe wat hy vir sy onderdane gegee het. Het laat betaal vir gebed deur die priesters, om mense uit die vagevuur uit te bid. Laat betaal! Nou ek kry hierdie direk uit die geskiedenis uit. Laat betaal vir, skat ek, dis noveen, skat ek, wat dit . . . almal hier weet wat dit . . . Noveen, ek skat dis iets wat jy moet doen, julle weet, een of ander boetedoening. Iemand moet daarvoor laat betaal. Bring die rykdom van die wêreld na hom, in homself in, in die kerk self in. En hy ry nogsteeds. O, hy doen dit beslis. Ja, meneer. Ry nogsteeds!

303 Let op. Hier is die goeie deel nou. Let op.

. . . *en moenie* hierdie wyn en olie *beskadig nie*.

304 "Net 'n klein bietjie Daarvan daar oor, maar jy raak nie Daaraan nie!"

305 Nou, olie is . . . simboliseer die Gees, die Heilige Gees. Ek sal vir julle 'n paar verse gee as julle wil. Daar's twee Skrifte. In Levitikus, 8:12, waar Aäron, voor hy ingegaan het, met olie gesalf moes word, julle weet. En in Sagaría 4:12, van olie wat kom, wat stroom deur die pype, en het gesê: "Dit is My Gees, Olie." Nog 'n ding, as julle na Matthéüs kyk, 14 . . . 25, was daar 'n dwase maagd, of 25:3, die dwase maagd het geen Olie, geen Gees, gehad nie. En Matthéüs 25:4, het die wyse maagd Olie in haar lamp gehad, Gees-vervuld. Gees! Olie tipeer die Gees. O, glorie! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Goed. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."] Goed. Nou, olie tipeer Gees.

306 En wyn simboliseer stimulasie van openbaring. O, ek—ek wou oral rondhardloop. Dis 'n wonder dat ek nie die buurt wakker gemaak het, toe die Here my dit gewys het nie, sien: "stimulasie van openbaring." Sien?

307 Olie en wyn word altyd, in die Bybel, saam geassosieer. Ek het in die konkordansie gaan gekyk. Daar's 'n rits van hulle, wat soos—soos *dié*, waar wyn en olie, die heeltyd saamgaan. Sien?

308 Wanneer die Waarheid van 'n beloofde Woord van God waarlik geopenbaar is aan Sy heiliges wat met Olie gevul is, word hulle almal gestimuleer. Wyn is 'n stimulant. Glorie! Ek voel Dit nou op die oomblik. Gestimuleer met vreugde, uitroepe! Sien? En, wanneer Dit gebeur, het Dit dieselfde uitwerking op hulle as wat—wat wyn op 'n natuurlike mens het. Want, wanneer die openbaring gegee is, van 'n Waarheid van God, en die ware gelowige met Olie gevul is, en die openbaring geopenbaar is, word die stimulasie so groot, dat Hy hom homself abnormaal laat gedra. Reg. Glorie! [Gemeente is verheug—Red.] Sien, dis

wat nou die probleem is met hulle. Dis reg, laat hulle hulleself onbetaamlik gedra.

309 Nou, as jy Skrif wil hê hiervoor, begin net vir Handelinge 2 lees. Waarby was hulle? Hulle het die belofte gehad wat vir hulle gegee is. Toe die hele belofte van die Heilige Gees op hulle uitgestort is. En is . . . Dit is Skriftuurlik bevestig. Nou, julle sien, die . . .

310 Wat as hulle sou sê . . . "Wag nou, Hy het vir ons gesê om hierbo te wag vir ons bediening." En na agt dae, sou hulle sê: "Wel, ek sal vir julle sê, kêrels," het Markus vir Matthéüs gesê: "ek—ek glo ons het Dit alreeds, kêrels. Dink julle nie so nie? Sien, ons het Dit alreeds. Terwyl ons nou op ons bediening wag, behoort ons net uit te gaan, en te gaan preek. Hy het vir ons gesê om hier te kom wag, en dis nou al agt dae wat ons hier is."

"Wel, kom ons wag maar nog een."

311 Nege dae het gekom. Toe kom Markus aan, of—of—of miskieu een van die ander, Johannes, het gesê: "Ek—ek—ek glo ons behoort nie langer te wag nie. Ek glo ons het Dit alreeds. En julle?"

312 Dan kan ek vir Simon sien, want hy het die sleutels gehad, julle weet. "Nou wag 'n oomblik, manne! Die Skrif het iets hieroor te sê. Hy het ons nooit gesê presies hoeveel dae om te wag nie. Hy het gesê: 'Bly daar totdat! Bly daar totdat Joël se profesie vervul word, totdat Jésaja se profesie bevestig is.'"

313 "Want met stamelende lippe en met ander tale sal Ek met hierdie mense praat. En dit is die lafenis." Dit is die wyn wat uitgegiet word. Wat is wyn, in die Bybel? Lafenis. "Dit is die lafenis wat van die Teenwoordigheid van die Here af kom." Sien? Dit—dit moet nou Skriftuurlik wees. Sien?

314 So, julle sien, wyn stel stimulasie van openbaring voor. En toe die Heilige Gees geval het, en hulle die Vuur van God op hulle sien val het, goeiste, het dit hulle begin stimuleer. en voor jy weet wat, het hulle so gestimuleer geraak, dat die mense eintlik begin dink het hulle is dronk, maar hulle was gestimuleer deur die openbaring. Deur God se . . . Hier is dit! God se bevestigde openbaring, duidelik gemaak vir hulle, hulle was gelukkig Daaroor. God het dit belowe. Hier is dit aan hulle geopenbaar, en aan hulle bevestig. Amen! Hier het 'n man daar gestaan, gesê: "Dit is Dié! Dit is Dit!" En daar was Dit, bevestig deur dieselfde teken wat ons vandag het. Daar is—daar is stimulasie deur openbaring. Sien? En, nou, hulle het Dit toe regtig gehad.

315 Dis waarom Petrus daar kon uitgaan, en sê: "Wel, julle mense van Judéa, en julle wat in Jerusalem woon, luister na my. Al julle Doktore van Godsgeleerdheid, luister na wat ek vir julle gaan vertel, sien."

316 O, hoe wonderlik! Geopenbaar! Geopenbaar! Hulle het so gestimuleerd geraak toe hulle dit bevestig gesien het. Dit doen dit net altyd. Dit doen dit altyd.

317 Wanneer ek sien dat God belowe het om 'n sekere ding in hierdie dag te doen, toe Hy belowe het om hierdie Seëls in hierdie laaste dag af te breek! En julle ken nie die vreugde, die heerlikheid, toe ek Hom dit sien openbaar het, om daar te staan en dit te sien gebeur nie! En weet dat ek enige persoon sal uitdaag: Hy het nooit een ding vir ons gesê wat nie so gebeur het nie. En om dan die vreugde te sien wat in my hart is, wanneer ek Sy belofte vir hierdie laaste dae sien, soos Hy belowe het om dit te doen. En hier sien ek dit bevestig word en volmaak reg gemaak word. Ek is net. . .Julle hoor my sê: "Ek voel godsdienstig." Dis wat aangaan. Die stimulasie is so erg, ek—ek—ek is net—net omtrent reg om tekere te gaan, julle weet. Stimulasie, van openbaring! Goed.

318 Hulle het so gestimuleerd geraak, oor die—die openbaring, dat hulle, goed, die belofte bevestig het. Nou, o, goeiste! Die vreugde van stimulasie het soveel daar uitgebreek, dat die mense gesê het: "Hulle is dronk van nuwe wyn," toe God Sy belofte aan hulle geopenbaar het. En nie net het Hy dit geopenbaar nie, maar Hy het dit bewys.

319 Dis wat ek altyd gesê het. 'n Mens kan enigiets sê, ja, hy sou net omtrent enigiets kon sê; maar wanneer God dit kom bevestig!

320 Nou, die Bybel het gesê: "As daar een onder julle is, wat daarop aanspraak maak om geestelik te wees, of 'n profeet, as hy hierdie dinge sê en dit kom nie so uit nie, moet dan geen aandag aan hom gee nie. Moet hom glad nie vrees nie. Moenie daardie man vrees nie. Maar as hy iets sê en dit kom so uit; dan is dit Ek, julle sien. Ek, Ek is daarin. Dit bewys waarom dit Ek is."

321 En, dan, daardie Samaritaanse vroutjie. Toe die Skrif gesê het dat hierdie Messias hierdie dinge sou doen, en hier het Hy gestaan en dit gedoen net presies soos die Skrif gesê het. Sy het gesê: "Daar is Hy. Kom, sien 'n Man! Is dit nie presies wat die Skrif gesê het sou gebeur nie?" Sien, sy het gestimuleer geraak deur openbaring. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sy het gestimuleer geraak deur openbaring, toe dit bevestig is. Sien? Dis reg. Sy het geweet dat daar is . . .

322 "Ons weet dat die Messias gaan kom, Wat die Christus genoem word. En wanneer Hy kom, sal Hy hierdie dinge doen." Sy het dit gesien.

En Hy het gesê: "Ek is Hy."

323 Toe het die stimulasie begin. En sy het weggegaan, en dwarsdeur die stad uitgeroep. Sy het haar ou waterkan gelos, en daarnatoe gegaan, en vir die manne gesê: "Kom, kyk!"

324 Nou, as julle net die Oosterse tradisies geken het, dis verkeerd van haar om dit te doen. Ja, meneer. 'n Vrou van daardie soort, niemand sou na haar luister nie. Nee, meneer. Sien, sy het 'n merk gehad, en as sy . . . As sy so in die straat af sou gaan, en so optree, sou die mans in die straat geen aandag aan haar gee nie.

325 Maar, broer, sy het daar 'n Woord van die Lewe gehad! Sy was gestimuleerd. Jy kon . . . Dit was soos om 'n huis te probeer blus, wat aan die brand is, op 'n winderige dag. O, daar is iets wat dit aanblaas! Sy was—sy was gereed. Ja. Hulle kon Dit nie blus nie. Dit was God se Vuur wat brand. Ja, meneer. Sy het gesê: "As julle nie glo dit is so nie, kan julle net kom hier waar die byeenkoms aan die gang is. Ek sal dit vir julle wys." Ja. Dit is dit. Ja. Ja, meneer.

326 En so die mense het soontoe gegaan. En Hy het dit nie eens nog een keer weer gedoen nie. Maar hulle het geweet iets het met daardie vrou gebeur. Sy het verander, so hulle het Hom geglo. Ja, meneer. Hulle het aan Hom geglo.

327 Want: "Geloof kom deur die gehoor, deur die belofte van God, die Woord van God te hoor, en Dit te sien werklikheid word." Want, Dis 'n saad. En wanneer Dit gesaai is, sal Dit begin Lewe. Dit sal dit, waaroor Dit praat, net presies teweegbring. As dit dit nie doen nie, dan is dit nie God se Saad nie. Of, die saaier het nie geweet hoe om Dit te saai nie; hy is nie deur God gestuur, om Sade te saai nie. Hy saai Hulle dalk bo-op 'n rots of iets. Sien? So julle—so julle sien, die saaier saai die Saad, God sorg Daarvoor, Dit val op die regte plek, julle sien. O, goeiste!

328 Wat sê Dit toe vir hierdie ruiter in swart? "Moenie My wyn en My Olie beskadig nie! Moenie Daaraan raak, My wyn en Olie nie! Ek het net 'n bietjie Daarvan daaronder, maar daar is nog 'n bietjie daar. Ja. Nou jy kan maar voortgaan en al daardie soort lewe wat jy voorstaan, uitmeet; dis jou saak. Jy gaan daarvoor betaal daaronder. Maar wanneer jy by daardie wyn en Olie uitkom, los jy Dit uit!" O, goeiste! As julle kan, as julle . . .

329 Met ander woorde, so-iets: "As jy sommige van My klein Kudde vang, wat vervul is met My Olie en wyn, sien, wyn en Olie van die suiwer Woord, sien, en jy wil hulle doodmaak. Want, jy, jy doen dit. Dis wat jy doen. Moet hulle nie dwing om enige 'Ave Maria' te sê, of enige so-iets te doen, of party van jou geloofsbelydenisse nie. Hou jou hande van hulle af. Hulle weet waarnatoe hulle gaan, want hulle is gesalf met My Olie. En deur met My Olie gesalf te wees, het hulle die wyn van vreugde, want hulle ken My Woord van belofte: 'Ek gaan hulle weer opwek.' Moet Dit nie beskadig nie! Moenie probeer om hulle te verwar nie. Want, bly maar net weg Daarvanaf. Nee." Alle . . .

330 Hy bevestig Sy Woord en bring Dit in. Hulle het geweet. Hulle het geweet hulle sou weer opstaan. O, ek hou so baie daarvan!

Sjoe! Hulle sal weer opstaan. Hier kom die swart perd, nou aangery, donker eeue.

331 Daar het die wit perd gegaan; ons het perfek gesien wat hy gedoen het. Hier kom die rooi perd; ons het presies gesien wat hy gedoen het. Hier kom die swart perd. Julle sien, hy is die heeltyd dieselfde ruiter, wat hy doen, regdeur die eeue heen.

332 Nou vind ons uit, hy het dit uitgemeet en daarvoor laat betaal, presies: natuurlike koring, natuurlike lewe. Dis waarvan hulle gelewe het.

333 Maar, gesimboliseer; Gees, Olie; en vreugde van die wyn. "Daardie geestelike Lewe, moet Dit nie beskadig nie. Los Dit uit!" Ander woorde: "Rome, jy raak nie Daaraan nie! Dis Myne! Dit behoort aan My!"

334 Nou ek het iets anders hier wat ek wil hê julle moet weet. Let op, dit was nie een van die vier Lewende Wesens wat gesê het: "Moenie die Olie en die wyn aanraak nie." Het julle dit opgelet? Die vier Lewende Wesens het gepraat, maar . . . Kyk, laat ek net 'n bietjie hieruit lees, sien, nou.

> . . . *rantsoen,* 'n penning, *vir 'n—vir 'n . . . koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die* wyn *en . . .* olie *beskadig nie.*

335 Nou luister hier.

> *En ek—en ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê . . .*

336 Wat was Dit? Die Lam! Amen! Dit was nie die vier Lewende Wesens nie. Die Lam het dit gesê. Waarom? Hy gaan Sy Eie neem. Dit behoort aan Hom. Hy het dit vrygekoop. Sien? Amen! "Moenie aan daardie Olie raak nie!" Nee, meneer. Nie die vier Lewende Wesens nie, maar die Lam was die Een wat dit gesê het. En, o, goeiste! Die Lam! Nie . . . Die vier Lewende Wesens het dit nie aangekondig nie. Die Lam het Self gesê.

337 Toe die vier Lewende Wesens gesê het: "Kom en kyk," en hulle gegaan het, en hulle het dit so gesien.

338 En Hy het gesê: "'n Rantsoen koring vir 'n penning, en vir rant- . . . en soveel soos *dié*, en soveel gars." Maar toe het die Lam uitgeroep, daar van tussen hulle af, gesê: "Maar moenie die wyn en Olie beskadig nie!" Uh-huh. Dis reg. O, goeiste! Luister daarna: "Moet Dit nie beskadig nie, jong, of jy gaan eendag daarvoor boet." O, goeiste!

Nege-dertig.

339 Wel, so goed as wat ek dit verstaan, en so goed as wat ek daarvan weet, en met alles wat ek in my hart glo, is dit die ware betekenis van daardie drie Seëls. Ek wil God daarvoor dank. En ek sal dit sê, dat, dit die openbaring is wat Hy vir my gegee het.

Hy het dit vir my gegee, die openbaring Daarvan. En ek glo vas dat ons lewe in die laaste dae.

340 Môre-aand sal ons daardie vaal-perd ruiter neem. En nou, ek weet dit nie. Ek weet nie. God weet dis waar. Ek weet nie een ding daarvan nie. Nee.

341 Ek het my ou teksverband nageslaan wat ek jare gelede gehad het. Ek het vir Broer Graham Snelling 'n rukkie gelede gesien; hy mag dalk uitgegaan het. Maar, ek onthou toe ek vantevore hier gepreek het. Ek het nagegaan om te sien wat ek jare gelede gesê het. Eendag toe ek deur die Boek van Openbaring gegaan het, het ek al vier perderuiters op een slag behandel.

342 Ek het gesê: "'n Wit perd, dit was sonder twyfel die vroeë kerk gewees." Ek het dit in 'n boek van die Adventiste gelees. En ek het iets daar gelees. Ek het gesê: "Dit was die vroeë kerk wat oorwinnend daar uitgegaan het." En die volgende was 'n swart perd, ek het gesê . . . Ek vergeet nou wat ek daardie swart perd genoem het. Ek het gesê . . .

343 Of: "Die rooi perd," liewer, ek het gesê: "daardie perd het waarskynlik beteken dat—dat probleme op pad is, en dit gaan beteken dat 'n klomp oorloë gaan voorkom, of so-iets." Ek het gesê: "Daar sal waarskynlik baie oorlog wees." Ek het gesê: "Dis wat dit sal wees." En toe het ek gesê: "Die—die vaal per- . . . "

344 Of: "Die—die swart perd," het ek gesê: "dit—dit beteken dat—dat daar miskien 'n swart tyd op die aarde gaan kom, wanneer al die sterre sal—sal ophou skyn; die son sal ondergaan, en maan sal nie sy lig gee nie." Ek het gesê: "Dis waarskynlik wat dit beteken."

345 Ek het gesê: "Die vaal perd, dit beteken 'n klomp siektes is aan die kom." Nou, ek weet nie wat dit beteken nie. Maar, dit is, dit was toe my interpretasie daarvan, want ek het dit net geneem so goed as wat ek kon, waar ek hier in die preekstoel gestaan het.

346 Maar, o, ek het byna iets gesê! Goed. Hum! O! Julle sal—julle sal sien. Kyk maar net, sien.

347 Nou, o, is ons nie bly vir hierdie uur waarin ons lewe nie! [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wanneer ons hierdie hele ding tot 'n punt sien kom, dink ek:

Nasies verbrokkel, Israel word wakker,
Die tekens deur profete voorspel;
Heidendae is getel, met gruwels wat wag;
"Keer terug, O verstrooides, na jou eie."

Die dag van verlossing is hier,
Menseharte gee in onder vrees;
Word vervul met die Gees, jou lamp helder, geknip,
Kyk op, jou verlossing is hier! (O, goeiste!)

Valse profete praat leuentaal, God's Waarheid
verwerp hul,
Dat Jesus ons Christus is God;

Glo julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Maar ons sal loop waar die apostels kon stap.

Want die dag van verlossing is hier,
Menseharte gee in onder vrees;
Word vervul met die Gees, kry jou lamp helder,
geknip,
Kyk op, jou verlossing is hier!

348 Is dit nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek hou daarvan. Verlossing is hier.

En dit sal Lig word teen die aand se tyd,
Die pad na Glorie sal jy verseker vind;
In die waterweg, is die Lig vandag;
Begrawe in die dierb're Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer julle nou vandag,
Die Heil'ge Gees sal verseker binnekom;
Die Aandlig skyn omheen,
Dit is 'n feit Christus en God is Een.

Hy's die Woord! O, goeiste! Wonderlik!

Spoedig neem die Lam Sy Bruid aan Sy sy in
ewigheid,
Al die Hemelinge om hul heen geskaar;
O, daar in glorie sal hul sit, al die heiliges in
wit;
Saam met Jesus heers ons dan vir Ewig daar.

O: "Kom en eet," so roep die Meester: "Kom en
eet."
O, jy kan altyd aan Jesus' tafel eet;
Hy wat eens die skare voed, maak uit water,
wyn gereed,
Na dié wat honger, roep Hy nou: "Kom en eet."

O: "Kom en eet," so roep die Meester: "Kom en
eet;" (Eet van die Woord!)
Jy kan altyd aan Jesus' tafel eet;
Hy wat eens die skare voed, maak uit water,
wyn gereed,
Na dié wat honger, roep Hy nou: "Kom en eet."

349 O, goeiste! Is julle honger? [Gemeente juig—Red.] "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid."

350 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Het julle Hom lief? Die noot vir *Ek Het Hom Lief*, jy weet. Kom ons staan nou net almal saam, en kom ons hef ons hande op en druk onsself teenoor Hom uit. "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het." Goed, nou almal saam.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

351 ['n Broer praat in 'n ander taal. Broer Branham wag—Red.] Net baie eerbiedig. Ons het 'n uitlêer hier, Broer Higginbothom. Ek weet nie of hy vanaand hier is, of nie. Ons wil uitvind wat Hy vir ons gesê het. Wag net 'n oomblik. Hier, hier . . . ['n Suster gee 'n intepretasie.]

352 Sekerlik, prys die Here! My geloof in God is hoog opgevoer. Het julle, het julle Hom vanaand lief, met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, prys Hom, en sê: "Dank U, Here Jesus!" [Gemeente prys God.]

353 Ons loof U, met ons hele harte, Here! Ere aan God!

354 Bring Hom net ere, julle almal. God sy met julle! [Gemeente gaan voort om te juig en God te prys—Red.]

Die Derde Seël AFR63-0320
(The Third Seal)
Die Openbaring Van Die Sewe Seëls reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 20 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org